

Die Heidelbergse Kategismus

Henric van Wyk 2010

Inleiding

Die Heidelbergse Kategismus is aanvanklik in 1563 te Heidelberg, Duitsland opgestel deur Zacharias Ursinus en Caspar Olevianus. Die doel daarvan was om gebruik te word as 'n leerboek vir die kinders en opgedeel in 52 Sondae, sodat die leer van die kerk elke jaar een keer gehoor kan word.

Die Heidelbergse Kategismus is in 1619 as een van die drie Belydenisskrifte van die gereformeerde kerke aanvaar tydens die Sinode van Dordrecht.

Met die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is teruggegaan na die Belydenisse soos dit aanvaar is tydens die sinode van Dordrecht. Aanvanklik is die Nederlands gebruik, maar dit het gou duidelik geword dat nie net die taal nie, maar ook die skryfstyl van die Kategismus vir die jonger kinders moeilik verstaanbaar is.

Daar is op die Sinode van 1927 reeds besluit om 'n kategismus daar tee stel wat steeds die taal en karakter van die volledige kategismus bevat, maar verstaanbaar is vir kinders. Verskeie uitgawes het die lig gesien sedert 1930. 50 jaar later verskyn die finale uitgawes van die vereenvoudigde Kategismus: 'n "Rooi boekie" vir die baie jong kinders, en 'n "Blou boekie" vir die bietjie ouer kinders.

Daar is nie iets soos 'n dom vraag nie – wel ondeurdagte vrae, vrae waarvan die antwoorde voor die hand liggend is. Wat wel waar is, is dat vrae 'n mens laat dink en antwoorde soek.

Die Kategismus vra aktuele vrae – met antwoorde wat die toets van die tyd deurstaan het. Vir meer as 400 jaar kon nog nie een antwoord verkeerd bewys word nie. Dit is God wat in Sy woord aan die woord is.

Waar die Kategismus tydens huisgodsdienste en huiskatkinsie gebruik word, is dit moeilik om die vrae tussen die verskillende ouderdomsgroepe te koördineer.

In hierdie bundel vind u die teks van die tradisionele "Rooiboekie", die "Blouboekie" en die Kategismus soos dit in die Psalmboek voorkom naas mekaar. Die enigste aanpassing is dat die nommers gesinkroniseer is, met die doel om nie net die Sondagafdelings te bestudeer nie, maar ook die vrae.

Ons bedes dat elkeen hierdie bundel nuttig sal vind, en dat elke gesin, met elkeen op sy eie vlak, weer die waarhede van die Heidelbergse Kategismus sal ontdek en hulle eie maak.

Hennie van Wyk

2009

Hennie van Wyk 2010

Inhoud


STRUKTUUR VAN DIE KATEGISMUS.....	5
SONDAG 1 GETROOS!	6
SONDAG 2 KEN JOU ELLENDE.....	7
SONDAG 3 DIE WORTELS VAN DIE ELLENDE.....	8
SONDAG 4 GOD EIS GEHOORSAAMHEID	9
SONDAG 5 JY HET 'N VERLOSSER NODIG.....	10
SONDAG 6 DAAR IS NET EEN WARE VERLOSSER.....	11
SONDAG 7 JY MOET WAARLIK GLO.....	12
SONDAG 8 WAT BELY ONS VAN GOD?	13
SONDAG 9 GOD DIE VADER.....	14
SONDAG 10 GOD DIE VADER VOORSIEN.....	15
SONDAG 11 JESUS: VERLOSSER	16
SONDAG 12 JESUS: GESALFDE	17
SONDAG 13 JESUS: ONS HERE	18
SONDAG 14 JESUS: WAARLIK GOD.....	19
SONDAG 15 JESUS: DIE LYDENDE	20
SONDAG 16 JESUS: SY LEWE VIR JOU LEWE.....	21
SONDAG 17 JESUS: DIE OORWINNAAR.....	22
SONDAG 18 JESUS: TROONSBESTYGER	23
SONDAG 19 JESUS: DIE REGTER	24
SONDAG 20 GOD DIE HEILIGE GEES.....	25
SONDAG 21 DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES: DIE KERK	26
SONDAG 22 GLO JY IS VERLOS	27
SONDAG 23 SLEGS DIE WARE GELOOF RED JOU.....	28
SONDAG 24 DIE WARE GELOOF IS SIGBAAR IN DIE UITVERKORENE	29
SONDAG 25 GOD STERK DIE WARE GELOOF SIGBAAR: SAKRAMENTE.....	30
SONDAG 26 GOD STERK DIE WARE GELOOF SIGBAAR: DIE HEILIGE DOOP.....	31

SONDAG 27 GOD STERK DIE WARE GELOOF SIGBAAR: DIE HEILIGE DOOP (2)	32
SONDAG 28 GOD STERK DIE WARE GELOOF SIGBAAR: DIE HEILIGE NAGMAAL VAN ONS HERE (1).....	33
SONDAG 29 GOD STERK DIE WARE GELOOF SIGBAAR: DIE HEILIGE NAGMAAL VAN ONS HERE (2).....	35
SONDAG 30 GOD STERK DIE WARE GELOOF SIGBAAR: DIE HEILIGE NAGMAAL VAN ONS HERE (3).....	36
SONDAG 31 GOD STERK DIE WARE GELOOF SIGBAAR: DIE KERKLIKE TUG.....	38
SONDAG 32 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: IN JOU LEEFWYSE.....	40
SONDAG 33 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: BEKERING.....	41
SONDAG 34 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – EEN WARE GOD	42
SONDAG 35 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – DIEN DIE WARE GOD REG	43
SONDAG 36 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEKTEER DIE WARE GOD	44
SONDAG 37 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEK IN JOU PRAAT.....	45
SONDAG 38 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – JOU DIENS AAN DIE HERE.....	46
SONDAG 39 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEK VIR GESAG	47
SONDAG 40 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEK VIR DIE LEWE.....	48
SONDAG 41 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEK VIR JOU LIGGAAM.....	49
SONDAG 42 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEK VIR EIENDOM	50
SONDAG 43 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEK VIR JOU NAASTE.....	51
SONDAG 44 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEK VIR GOD EN MENS	52

SONDAG 45	VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – AANBID DIE WARE GOD	53
SONDAG 46	VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – JOU VADER – NABY EN VER.....	54
SONDAG 47	VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – GOD IS HEILIG	55
SONDAG 48	VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – GOD REGEER	56
SONDAG 49	VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – GOD WEET DIE BESTE	57
SONDAG 50	VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – GOD VERSORG JOU.....	58
SONDAG 51	VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – GOD VERGEEF JOU	59
SONDAG 52	VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – GOD BEWAAR JOU	60

Hennie van Wyk 2010

STRUKTUUR VAN DIE KATEGISMUS



SONDAG 1 GETROOS!

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwassenes (Psalmboek)
1a	V Wat is jou enigste troos? A My enigste troos is dat ek met liggaam en siel aan my Here Jesus Christus behoort.	1a	V Wat is jou enigste troos in lewe en sterwe? A My enigste troos is dat ek met liggaam en siel, in lewe en sterwe, nie aan myself behoort nie maar aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus, die Here.	1 <i>Vraag:</i> Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? <i>Antwoord:</i> Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (a) nie aan myself (b) nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort (c). Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal (d) en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos (e). Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie (g). Alles moet inderdaad tot my saligheid dien (h). Daarom verseker (i) Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe (k).
1b	V Waarom behoort jy aan die Here Jesus Christus? A Ek behoort aan die Here, omdat Hy vir al my sondes met sy bloed betaal het en my uit die mag van die duiwel verlos het.	1b	V Waarom sê jy dat jy aan die Here Jesus behoort? A Ek behoort aan die Jesus Christus, omdat Hy vir my sondes met sy bloed betaal het en my so van die mag van die duiwel verlos het.	(a) Rom 14:8. (b) 1 Kor 6:19. (c) 1 Kor 3:22; Tit 2:14. (d) 1 Pet 1:18, 19; 1 Joh 1:7; 2:2, 12. (e) Heb 2:14; 1 Joh 3:8; Joh 8:34-36. (f) Joh 6:39; 10:28; 2 Tess 3:3; 1 Pet 1:5. (g) Matt 10:30; Luk 21:18. (h) Rom 8:28. (i) 2 Kor 1:22; 5:5; Ef 1:14; Rom 8:16. (k) Rom 8:14; 1 Joh 3:3.
1c	V Behoort jy ook aan die Vader en die Heilige Gees? A Ja, omdat ek aan Christus behoort, behoort ek ook aan die Vader en die Heilige Gees.	1c	V Wat doen Jesus Christus vir jou? A Jesus Christus bewaar my, verseker my van die ewige lewe, en maak my gewillig om vir Hom te lewe.	
2	V Wat moet jy weet sodat jy getroos kan lewe en sterwe? A Om getroos te kan lewe en sterwe moet ek drie dinge weet: i hoe groot my sonde en ellende is, ii hoe die Here my daarvan verlos het, iii hoe ek die Here vir my verlossing moet bedank.	2	V Wat moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe? A Om getroos te kan lewe en sterwe moet ek drie dinge weet: i hoe groot my sonde en ellende is, ii hoe ek daarvan verlos kan word, iii hoe ek God vir my verlossing dankbaar moet wees.	2 <i>Vraag:</i> Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe? <i>Antwoord:</i> Drie dinge (a): Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is (b); ten tweede; hoe ek van al my sonde en ellende verlos word (c) en ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees (d). (a) Matt 11:28-30; Ef 5:8. (b) Joh 9:41; Matt 9:12; Rom 3:10; 1 Joh 1:9; 10. (c) Joh 17:3; Hand 4:12 10:43. (d) Ef 5:10; Ps 50:14; Matt 5:16; 1 Pet 2:12; Rom 6:13; 2 Tim 2:15:

SONDAG 2 KEN JOU ELLENDE

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmbboek)
3	V Hoe weet jy dat jy sonde en ellende het? A Die wet van God leer my dat ek sonde en ellende het.	3	V Waaruit ken jy jou sonde en ellende? A Ek ken sonde en ellende uit die wet van God.	3 <i>Vraag:</i> Waaruit ken jy jou ellende? <i>Antwoord:</i> Uit die wet van God (a). (a) Rom 3:20.
4	V Wat eis die wet van God van ons? A Die wet van God eis dat ons Hom bo alles moet liefhê en ons naaste soos onself.	4	V Wat eis die wet van God van ons? A Die wet van God eis dat ons Hom bo alles moet liefhê en ons naaste soos onself.	4 <i>Vraag:</i> Wat eis die wet van God van ons? <i>Antwoord:</i> Dit leer Christus ons samevattend in Matteus 22:37-40: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete (a). (a) Deut 6:5; Lev 19:18; Mark 12:30; Luk 10:27
5	V Kan jy alles doen wat God in sy wet van jou eis? A Ek kan nie uit eie krag doen wat God in sy wet eis nie.	5	V Kan jy alles doen wat God in sy wet van jou eis? A Ek kan nie alles wat God in sy wet eis nie, want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat.	5 <i>Vraag:</i> Kan jy dit alles ten volle nakom? <i>Antwoord:</i> Nee (a), want ek is van nature geneig om God en my naaste te haat (b). (a) Rom 3:10, 20, 23; 1 Joh 1:8, 10. (b) Rom 8:7; 2:3; Tit 3:3; Gen 6:5; 8:21; Jer 17:9; Rom 7:23.

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 3 DIE WORTELS VAN DIE ELLENDE

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmboek)
6	V Het God die mens dan so sleg en verkeerd gemaak?	6	V Het God die mens dan so sleg en verkeerd geskape?	6 Vraag: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep? Antwoord: Nee, God het die mens goed (a) en na sy ewebeeld geskep (b). Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys (c). A) Gen 1:31. (b) Gen 1:26, 27. (c) Ef 4:24; Kol 3 2 Kor 3:18.
	A Nee, God het die mens goed en na sy beeld geskape.	A	A God het die mens goed en na sy beeld geskape, sodat hy God reg kan ken, liefhê en dien.	
7	V Waar kom die mens se slegte geaardheid dan vandaan?	7	V Waar kom die verdorwe aard van die vandaan?	7 Vraag: Waar kom hierdie verdorwe natuur van mens dan vandaan? Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys (a). Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word (b). (a) Gen 3; Rom 5:12, 18, 19. (b) Ps 51:7; Gen 5:3
	A Ons slegte geaardheid kom van die sondeval van ons eerste voorouers, Adam en Eva.	A	A Ons verdorwe aard kom uit die val en die ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers, Adam en Eva in die paradys.	
8a	V Is ons dan so sleg dat ons niks goeds kan doen nie?	8	V Is ons dan so verdorwe dat ons niks goeds kan doen nie?	8 Vraag: Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie en tot alle kwaad geneig is? Antwoord: Ja (a), behalwe as ons deur die Gees van God weergebore word (b). (a) Gen 8:21;6:5; Job 14:4; 15:14, 16, 35; Joh 3:6; Jes 53:6. (b) Joh 3:3, 5; 1 Kor 12:3; 2 Kor 3:5.
	A Ja, uit onself is ons so sleg dat ons niks goeds kan doen as ons nie deur die Gees van God weer gebore word nie.	A	A Ons kan niks goeds kan doen nie, tensy ons deur die Gees van God weer gebore word, dit wil sê, uit die sondedood lewendig maak.	
8b	V Wat beteken dit om weer gebore te word?			
	A Weer gebore beteken dat die Heilige Gees ons uit die sondedood lewendig maak.			

SONDAG 4 GOD EIS GEHOORSAAMHEID

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmboek)	
9	<p>V Is God dan nie onregverdig as Hy in sy wet eis wat die mens nie kan doen nie?</p> <p>A God is nie onregverdig nie, want Hy het die mens so gemaak dat hy die wet gehoorsaam kon wees.</p>	9	<p>V Verontreg God die mens dan nie as Hy in sy wet eis wat die hy nie kan doen nie?</p> <p>A God verontreg die mens nie, want Hy het die mens só geskape dat hy die wet kon hou, maar die mens het homself deur sy ongehoorsaamheid van hierdie gawe beroof.</p>	9	<p>Vraag: Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?</p> <p>Antwoord: Nee (a), want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen (b). Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel (c) en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.</p> <p>(a) Ef 4:24. (b) Gen 3:13; 1 Tim 2:13, 14. (c) Gen 3:6; Rom 5:12.</p>
10a	<p>V Wil God die ongehoorsaamheid ongestraf laat bly?</p> <p>A God wil die ongehoorsaamheid nou en vir ewig straf.</p>	10	<p>V Laat God die ongehoorsaamheid en afval ongestraf bly?</p> <p>A God vertoorn Hom verskriklik oor die aangebore sowel as die werklike sonde en straf dit deur 'n regverdige oordeel tydelik en ewiglik.</p>	10	<p>Vraag: Wil God hierdie ongehoorsaamheid en afval ongestraf laat bly?</p> <p>Antwoord: Nee, glad nie; intendeel, sy toorn is verskriklik (a) sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf (b). Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie (c).</p> <p>(a) Gen 2:17; Rom 5:12. (b) Ps 50:21; 5:6; Nah 1:2; Eks 20:5; 34:7; Rom 1:18; Ef 5:6. (c) Deut 27:26; Gal 3:10.</p>
10b	<p>V Hoe wil God die ongehoorsaamheid vir ewig straf?</p> <p>A God wil die ongehoorsaamheid vir ewig in die hel straf.</p>	11	<p>V Is God dan nie ook barmhartig nie?</p> <p>A God is barmhartig, maar Hy is ook regverdig; daarom moet die sonde teen die allerhoogste majesteit van God ook met die hoogste straf, dit is die ewige straf, aan liggaam en siel gestraf word.</p>	11	<p>Vraag: Is God dan nie ook barmhartig nie?</p> <p>Antwoord: God is wel barmhartig (a); maar Hy is ook regverdig (b). Daarom eis sy geregtigheid dat die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is; ook met die swaarste straf gestraf moet word - dit is met die ewige straf aan liggaam en siel.</p> <p>(a) Eks 34:6, 7; 20:6. (b) Ps 7:10; Eks 20:5; 23:7; 34:7; Ps 5:5, 6; Nah 1:2, 3.</p>
11	<p>V Is God dan nie ook genadig nie?</p> <p>A God is genadig maar ook regverdig.</p>				

SONDAG 5 JY HET 'N VERLOSSER NODIG

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmbboek)
12a	V Hoe kan ons van God se straf vrykom en weer genade verkry? A Ons kan net van God se straf vrykom as daar vir ons sondeskuld betaal word.	12	V Is daar enige middel waardeur ons van hierdie straf kan vrykom en weer genade verkry? A Ons kan wel van God se straf vrykom, maar dan moet onself of iemand anders ons skuld by God ten volle betaal.	12 Vraag: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word? Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word (a). Daarom moet ons òf deur onself òf deur 'n ander ten volle betaal (b). (a) Gen 2:27; Eks 23:7; Eseg 18:4; Matt 5:26; 2 Tess 1:6; Luk 16:2. (b) Rom 8:4.
12b	V Waarom moet vir ons sonder skuld betaal word? A Vir ons sondeskuld moet betaal word, omdat God 'n regverdige regter is.	13	V Kan ons self vir ons sondeskuld betaal? A Ons kan glad nie self betaal nie, want ons maak ons sondeskuld daagliks net meer.	13 Vraag: Kan ons deur onself betaal? Antwoord: Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter (a). (a) Job 9:2; 15:15, 16; 4:18, 19; Ps 130:3; Matt 6:12; 18:25; 16:26.
12c	V Wie moet vir ons sondeskuld betaal? A Ons self of iemand anders moet vir ons sondeskuld betaal.	14	V Is daar dan nêrens enige ander skepsel wat vir ons kan betaal nie? A God wil nie 'n ander skepsel vir ons skuld straf nie, en geen skepsel kan die toorn van God dra nie.	14 Vraag: Kan enige ander skepsel vir ons betaal? Antwoord: Nee, want Ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie (a). Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie (b). (a) Eseg 18:4; Gen 3:17. (b) Nah 1:6; Ps 130:3.
13	V Kan ons self vir ons sondeskuld betaal? A Ons kan nie self vir ons sondeskuld betaal nie, want ons maak hierdie skuld elke dag meer.	15	V Hoe 'n Middelaar moet ons soek? A Ons Middelaar en Verlosser moet 'n ware mens en regverdige mens en tegelykertyd ook waarlik God wees.	15 Vraag: Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek? Antwoord: So een wat 'n ware (a) en regverdige (b) mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is (c). (a) 1 Kor 15:21; (b) Heb 7:26. (c) Jes 7:14; 9:5; Jer 23:6; Luk 11:22.
14	V Kan 'n ander skepsel in ons plek vir ons sondeskuld betaal? A God wil geen ander skepsel vir ons sondeskuld straf nie en geen skepsel kan die prys betaal nie.			
15	V Wie kan dan vir ons sondeskuld betaal? A Net Hy wat 'n werklike mens en terselfdertyd werklik God is, kan vir ons sondeskuld betaal.			

SONDAG 6 DAAR IS NET EEN WARE VERLOSSER

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmboek)
16	V Waarom moet ons Verlosser ook waarlik mens wees? A Ons Verlosser moet ook waarlik mens wees, want die mens het gesondig en moet die straf kry.	16a	V Waarom moet ons Middelaar waarlik mens wees? A Ons Middelaar moet waarlik mens wees omdat die menslike natuur wat gesondig het vir die sonde moet betaal	16 Vraag: Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees? Antwoord: Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal (a). Maar die mens wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie (b). (a) Eseg 18:4, 20; Rom 5:18; 1 Kor 15:21; Heb 2:14-16. (b) Heb2:26, 27; Ps 49:8; 1 Pet 3:18:
17	V Waarom moet ons Verlosser tegelykertyd ook God wees? A Net 'n Mens wat ook God is kan die vreeslike straf dra.	16b	V Waarom moet ons Middelaar 'n regverdige mens wees? A Ons Middelaar moet 'n regverdige mens wees, want 'n mens wat self sondaar is, nie vir 'n ander kan betaal nie.	17 Vraag: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees? Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid (a) die las van die toorn van God (b) aan sy mensheid te kon dra (c) en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee (d). (a) Jes 9:5; 63:3; (b) Deut 4:24; Nah 1:6; Ps 130:3. (c) Jes 53:4, 11; (d) Jes 53:5, 11.
18	V Wie is waarlik mens en tegelykertyd waarlik God? A Ons Here Jesus Christus is waarlik mens en tegelykertyd waarlik God.	17	V Waarom moet ons Middelaar ook waarlik God wees? A Ons Middelaar moet die toorn van God oor die sonde uit die krag van sy Godheid aan sy mensheid dra.	18 Vraag: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God (a) en ware (b) regverdige mens is (c)? Antwoord: Ons Here Jesus Christus (d), wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het (e). (a) 1 Joh 5:20; Rom 9:5; 8:3; Gal 4:4; Jes 9:6; Jer 23:6; Mal 3:1; (b) Luk 1:42; 2:6, 7; Rom 1:3; 9:5; Fil 2:7; Heb 2:14, 16, 17; 4:15. (c) Jes 53:9, 11; Jer 23:5; Luk 1:35; Joh 8:46; Heb 4:15; 7:26; 1 Pet 1:19; 2:22, 3:18. (d) 1 Tim 2:5; Matt 1:23; 1 Tim 3:16; Luk 2:11; Heb 2:9..(e) 1 Kor 1:30.
19	V Hoe weet jy dat die Here Jesus waarlik mens en tegelykertyd ook waarlik God is? A Die Bybel leer my dat Jesus Christus waarlik mens en tegelykertyd waarlik God is.	18	V Wie is hierdie Middelaar wat tegelykertyd mens en God is? A Hierdie Middelaar is ons Here Jesus Christus.	19 Vraag: Waaruit weet jy dit? Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het (a). Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders (b) en profete (c) laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld; (d). Eindelijk het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul (e). (a) Gen 3:15; (b) Gen 22:18; 12:3; 49:10. (c) Jes 53; 42:1-4; 43:25; 49:5, 6, 22, 23; Jer 23:5, 6; 31:32, 33; 32:39-41, Miga 7:18-20; Hand 10:43; 3:22-24; Rom 1:2; Heb 1:1. (d) Heb 10:1, 7; Kol 2:7; Joh 5:46. (e) Rom 10:4; Gal 4:4; 3:24; Kol 2:17.
		19	V Hoe weet jy dat die Jesus Christus die Middelaar is? A Die heilige Evangelie, dit is die hele Woord van God, leer ons dat Jesus Christus die Middelaar is.	

SONDAG 7 JY MOET WAARLIK GLO

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmboek)
20	V Verlos Christus alle mense? A Nee, Christus verlos net die mense wat waarlik in Hom glo.	20	V Word alle mense dan deur Christus verlos soos hulle in Adam verdoem is? A Jesus Christus verlos net die mense wat in Hom deur 'n ware geloof ingelyf word en al sy weldade aanneem.	20 Vraag: Word al die mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verlore gegaan het? Antwoord: Nee; (a); maar slegs die wat deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem (b). (a) Matt 7:14; 22:14. (b) Mark 16:16; Joh 1:12; 3:16, 18, 36; Jes 53:11; Ps 2:12; Rom 11:20; 3:22; Heb 4:3; 5:9; 10:39; 11:6.
21a	V Wat is 'n ware geloof? A 'n Ware geloof is 'n gewisse kennis en 'n vaste vertrouwe.	21	V Wat is 'n ware geloof? A 'n Ware geloof is 'n gewisse kennis waardeur ek alles wat in God se Woord staan vir waaragtig hou, en dit is 'n vaste vertrouwe wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk dat God my sondes ter wille van Christus vergeef het.	21 Vraag: Wat is 'n ware geloof? Antwoord: 'n Ware geloof is nie alleen 'n vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het (a) vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertrouwe (b) wat die Heilige Gees (c) deur die evangelie in my hart werk (d), naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus (e), vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid (f) geskenk het. (a) Jak 2:19. (b) Heb 11:1, 7; Rom 4:18-21; 10:10; Ef 3:12; Heb 4:16; Jak 1:6. (c) Gal 5:22; Matt 16:17; 2 Kor 4:13; Joh 6:29; Ef 2:8; Fil 1:19; Hand 16:14. (d) Rom 1:16; 10:17; 1 Kor 1:21; Hand 10:44; 16:14. (e) Ef 2:8; Rom 3:24; 5:19; Luk 1:77, 78. (f) Rom 1:17; Gal 3:11; Heb 10:10, 38; Gal 2:16.
21b	V Wat is 'n gewisse kennis? A 'n Gewisse kennis beteken om te weet dat alles wat in die Bybel staan, waar is.	22	V Wat moet 'n Christen glo? A 'n Christen moet alles glo wat ons in die Evangelie beloof word en wat in die Twaalf Artikels saamgevat is.	22 Vraag: Wat moet 'n Christen glo? Antwoord: Alles wat in die evangelie aan ons beloof word (a) en wat die artikels van ons algemene en ongetwyfelde Christelike geloof ons in hoofsaak leer. (a) Joh 20:31; Matt 28:19; Mark 1:15.
21c	V Wat is 'n vaste vertrouwe? A 'n Vaste vertrouwe beteken om seker te wees dat Christus ook my Verlosser is.	23	V Hoe lui die Twaalf Artikels?	23 Vraag: Hoe lui die artikels?
22	V Wat moet 'n Christen glo? A 'n Christen moet alles glo wat in die Bybel belowe word en die Twaalf Artikels ons leer.			
23	V Wat staan in die Twaalf Artikels?			
Antwoord: (1) Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. (2) En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; (3) wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; (4) wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is. Hy het die lyding van die hel ondergaan. (5) Hy het op die derde dag weer opgestaan het uit die dood; (6) opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, (7) waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. (8) Ek glo in die Heilige Gees. (9) Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; (10) die vergewing van sondes; (11) die opstanding van die liggaam (12) en 'n ewige lewe.				

SONDAG 8 WAT BELY ONS VAN GOD?

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasse nes (Psalmboek)
24	V A A	24	V A i ii iii	24 Vraag: Hoe word hierdie artikels ingedeel? Antwoord: In drie dele: die eerste handel oor God die Vader en ons skepping; die tweede oor God die Seun en ons verlossing; die derde oor God die Heilige Gees en ons heiligmaking.
25	V A	25	V A	25 Vraag: Terwyl daar maar tog net een, enige Goddelike Wese is, waarom praat jy van drie, naamlik die Vader, Seun en Heilige Gees (a)? Antwoord: Omdat God Hom so in sy Woord geopenbaar het (b) dat hierdie drie onderskeie Persone die enige, ware en ewige God is. (a) Deut 6:4; Ef 4:6; Jes 44:6; 45:5; 1 Kor 8:4, 6. (b) Jes 61:1; Luk 4:18; Gen 1:2, 3; Ps 33:6; Jes 48:16; Matt 3:16, 17; 28:19; 1 Joh 5:7; Jes 6:1, 3; Joh 14:26; 15:26; 2 Kor 13:13; Gal 4:6; Ef 2:18; Tit 3:5, 6.

SONDAG 9 GOD DIE VADER

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmbboek)
26a	V Wat glo jy van God die Vader? A God die Vader het hemel en aarde en alles wat daarin is, geskape en versorg dit nog self.	26	V Wat glo jy met hierdie woorde: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde"? A Die Vader van ons Here Jesus wat alles geskape het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou en regeer, is ter wille van sy Seun my God en my Vader.	26 Vraag: Wat glo jy as jy sê: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde? <i>Antwoord:</i> Ek glo dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus wat die hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het (a) en deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer (b), ter wille van sy Seun Christus my God en Vader is. (c) Op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my, met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie (d). Hy sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander (e), omdat Hy dit as 'n almagtige God kan (f) en ook as 'n getroue Vader wil doen (g). <small>(a) Gen 1 en 2; Eks 20:11; Job 33:4, 38, 39; Hand 4:24; 14:15; Ps 33:6; Jes 45:7. (b) Heb 1:3; Ps 104:27-30; 115:3; Matt 10:29; Ef 1:11: (c) Joh 1:12; Rom 8:15; Gal 4:5-7; Ef 1:5. (d) Ps 55:23; Matt 6:25, 26; Luk 12:22. (e) Rom 8:28: (f) Jes 46:4; Rom 10:12. (g) Matt 6:32, 33; 7:9-11.</small>

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 10 GOD DIE VADER VOORSIEN

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmboek)
27	V Wat beteken die voorsienigheid van God? A Die voorsienigheid van God beteken dat Hy alles versorg en regeer.	27	V Wat beteken die voorsienigheid van God? A Die voorsienigheid van God is sy almagtige en alomteenwoordige krag waardeur Hy alles onderhou en regeer.	27 <i>Vraag:</i> Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God? <i>Antwoord:</i> Die almagtige en oralteenwoordige krag van God (a) waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer (b) dat lower en gras, reën en droogte (c), vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte (d), rykdom en armoede (e) en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom (f). (a) Hand 17:25-28; Jer 23:23, 24; Jes 29:15, 16; Eseg 8:12. (b) Heb 1:3. (c) Jer 5:24; Hand 14:17. (d) Joh 9:3. (e) Spr 22:2. (f) Matt 10:29; Spr 16:33.
28	V Watter waarde het dit vir jou dat God alles versorg en regeer? A Ek leer uit God se voorsienigheid dat ek in teëspoed geduldig, in voorspoed dankbaar moet wees en altyd op die Here moet vertrou.	28	V Watter waarde het dit vir ons om te weet dat God alles geskape het en nog deur sy voorsienigheid onderhou? A Ons moet altyd op ons God en Vader ten volle vertrou en daarom in teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar wees	28 <i>Vraag:</i> Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou? <i>Antwoord:</i> Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertrou in ons getroue God en Vader (c) kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie (e). (a) Rom 5:3; Jak 1:3; Ps 39:10; Job 1:21, 22. (b) 1 Tess 5:18; Deut 8:10. (c) Ps 55:23; Rom 5:4. (d) Rom 8:38, 39. (e) Job 1:12; 2:6; Spr 21:1; Hand 17:2.

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 11 JESUS: VERLOSSER

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasse nes (Psalmboek)
29a	V Wat beteken die naam Jesus? A Jesus beteken Verlosser, dit is Saligmaker.	29	V Waarom word die Seun van God Jesus, dit is Saligmaker, genoem? A Die Seun van God word Jesus genoem omdat Hy ons van al ons sondes verlos en ons salig maak.	29 <i>Vraag:</i> Waarom word die Seun van God genoem: <i>Jesus</i> , wat Verlosser beteken? <i>Antwoord:</i> Omdat Hy ons van al ons sondes verlos (a) en by niemand anders enige saligheid te soek of te kry is nie (b). (a) Matt 1:21; Heb 7:25. (b) Hand 4:12; Joh 15:4, 5; 1 Tim 2:5; Jes 43:11; 1 Joh 5:11.
29b	V Waarom word die Seun van God Jesus genoem? A Hy word Jesus genoem, omdat Hy ons salig maak en van ons sondes verlos.	30	V Is daar dan geen ander Verlosser nie? A Die Here Jesus is die enigste Verlosser.	30 <i>Vraag:</i> Glo die mense wat hulle saligheid en heil by die heiliges, by hulleself of iewers anders soek, ook in die enigste Verlosser, Jesus? <i>Antwoord:</i> Nee, maar hulle verloën met die daad die enigste Verlosser as Heiland, Jesus, alhoewel hulle met die mond in Hom roem (a). Slegs een van twee dinge is immers moontlik: of Jesus is nie 'n volkome Verlosser nie, of die wat hierdie Verlosser met 'n ware geloof aanneem, het in Hom alles wat vir hulle saligheid nodig is (b). (a) 1 Kor 1:13, 30, 31; Gal 5:4..(b) Heb 12:2; Jes 9:6; Kol 1:19, 20; 2:10; 1 Joh 1:7.
30	V Kan iemand anders ons sondes wegneem? A Nee, die Here Jesus is die enigste Verlosser.			

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 12JESUS: GESALFDE

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwassenes (Psalmboek)
<p>31a V Wat beteken die naam Christus? A Christus beteken Gesalfde.</p> <p>31b V Waarom word die Seun van God Christus genoem? A Hy word Christus genoem, omdat God die Vader Hom met die Heilige Gees gesalf het.</p> <p>31c V Met watter doel is Christus gesalf? A Hy is gesalf tot ons Profeet, ons Hoëpriester, ons Koning.</p> <p>32 V Waarom word jy 'n Christen genoem? A Ek word 'n Christen genoem, omdat ek aan Christus behoort en dus ook 'n profeet, priester en koning is.</p>	<p>31 V Christus beteken Gesalfde. Waarom word die Seun van God Christus genoem? A Die Seun van God word Christus genoem, omdat Hy deur die Vader met die Heilige Gees gesalf is om ons hoogste Profeet, ons enigste Hoëpriester en ons ewige Koning te wees.</p> <p>32 V Waarom word jy 'n Christen genoem? A Ek word 'n Christen genoem omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daarom deur die werking van sy Heilige Gees en dus ook 'n profeet, priester en koning is.</p>	<p>31 <i>Vraag:</i> Waarom word Hy <i>Christus</i>, wat Gesalfde beteken, genoem? <i>Antwoord:</i> Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g). (a) Ps 45:8; Heb 1:9; Jes 61:1; Luk 4:18. (b) Deut 18:15; Hand 3:22; 7:37; Jes 55:4. (c) Joh 1:18; 15:15. (d) Ps 110:4. (e) Heb 10:12, 14; 9:12, 14, 28. (f) Rom 8:34; Heb 9:24; 1 Joh 2:1; Rom 5:9, 10. (g) Ps 2:6; Sag 9:9; Matt 1:5; Luk 1:33; Matt 28:18; Joh 10:28 Op 12:10, 11.</p> <p>32 <i>Vraag:</i> Waarom word jy 'n Christen genoem (a)? <i>Antwoord:</i> Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g). (a) Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom 12:1; 1 Pet 2:5, 9; Op 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13;. Gal 5:16, 17; Ef 6:11; 1 Tim 1:18, 19. (g) 2 Tim 2:12; Matt 25:34.</p>

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 13JESUS: ONS HERE

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwassenes (Psalmboek)
33a	V A A	33	V A	<p>33 <i>Vraag:</i> Waarom word Christus die <i>eniggebore Seun van God</i> genoem terwyl ons tog ook kinders van God is? <i>Antwoord:</i> Omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is (a), terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is (b). (a) Joh 1:14; Heb 1:1, 2; Joh 3:16; 1 Joh 4:9; Rom. 8:32. (b) Rom 8:16; Joh 1:12; Gal 4:6; Ef 1:5, 6.</p> <p>34 <i>Vraag:</i> Waarom noem jy Hom <i>ons Here</i>? <i>Antwoord:</i> Omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel nie met goud of silwer nie maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het (a). (a) 1 Pet 1:18, 19; 2:9; 1 Kor 6:20; 1 Tim 2:6; Joh 20:28.</p>
33b	V A	34	V A	
33c	V A			
34	V A			

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 14 JESUS: WAARLIK GOD

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmboek)
35	V Wat beteken dit dat ons Here Jesus Christus van die Heilige Gees ontvang en uit die maagd Maria gebore is? A Die Heilige Gees het dit so gewerk dat Jesus uit sy moeder Maria gebore is.	35a	V Wat beteken die woorde: "wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria"? A Die ewige Seun van God het deur die werking van die Heilige Gees 'n menslike natuur uit die liggaam van die maagd Maria aangeneem.	35 Vraag: Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria? Antwoord: Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is (a) en bly (b), die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria (c) deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het (d). So is Hy tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid (e), in alles aan sy broers gelyk (f), behalwe die sonde (g). <small>(a) 1 Joh 5:20; Joh 1:1; 17:3; Rom 1:3, Kol 1:15. (b) Rom 9:5. (c) Gal 4:4; Luk 1:31, 42, 43. (d) Matt 1:20; Luk 1:35. (e) Rom 1:3; Ps 132:11; 2 Sam 7:12; Luk 1:32; Hand 2:30. (f) Fil 2:7; Heb 2:14, 17. (g) Heb 4:15.</small>
36	V Watter waarde het dit vir jou dat Jesus sonder sonde gebore is? A Omdat Jesus sonder sonde gebore is, bedek Hy voor God ook die sonde waarin ek gebore is.	35b	V Waarom moet Hy van die Heilige Gees ontvang en uit die maagd Maria gebore word? A Hy moes van die Heilige Gees ontvang en uit die maagd Maria gebore word sodat Hy die ware nakomeling van Dawid sou wees, sy broeders in alles gelyk, uitgesonderd die sonde.	36 Vraag: Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus? Antwoord: Dat Hy ons Middelaar is (a), en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek (b). <small>(a) Heb 7:26, 27. (b) 1 Pet 1:18, 19; 3:18; 1 Kor 1:30, 31; Rom 8:3, 4; Jes 53:11; Ps 32:1.</small>
		36	V Watter waarde het dit vir jou dat Jesus sonder sonde gebore is? A Omdat Jesus sonder sonde gebore is, bedek Hy voor God die sonde waarin ek gebore is.	

SONDAG 15 JESUS: DIE LYDENDE

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmbboek)
37a	V Wat word bedoel as ons sê dat Christus gely het? A Christus se lyde beteken dat Hy baie swaar gekry het toe Hy die straf van God oor al die sonde van die mense gedra het.	37	V Wat beteken dit dat Christus gely het? A Christus het aan liggaam en siel al die tyd op aarde maar veral aan die end daarvan die toorn van God teen die sonde van die menslike gedra.	37 Vraag: Wat verstaan jy onder die woordjie: gely? Antwoord: Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra het (a). So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer (b) ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos (c) en vir ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf (d). (a) Jes 53:4; 1 Pet 2:24; 3:18; 1 Tim 2:6. (b) Jes 53:10; Ef 5:2; 1 Kor 5:7; 1 Joh 2:2; Rom 3:25; Heb 9:28; 10:14. (c) Gal 3:13; Kol 1:13; Heb 9:12; 1 Pet 1:18, 19. (d) Rom 3:25; 2 Kor 5:21; Joh 3:16; 6:51; Heb 9:15; 10:19.
37b	V Wanneer het Hy gely? A Christus het sy hele lewe op aarde gely, maar veral aan die end daarvan.	38	V Waarom moes Hy onder die regter Pontius Pilatus ly? A Hy, die onskuldige, is deur die aardse regter veroordeel om ons, die skuldiges, van die strenge oordeel van God te bevry.	(a) Jes 53:4; 1 Pet 2:24; 3:18; 1 Tim 2:6. (b) Jes 53:10; Ef 5:2; 1 Kor 5:7; 1 Joh 2:2; Rom 3:25; Heb 9:28; 10:14. (c) Gal 3:13; Kol 1:13; Heb 9:12; 1 Pet 1:18, 19. (d) Rom 3:25; 2 Kor 5:21; Joh 3:16; 6:51; Heb 9:15; 10:19.
37c	V Waarom moes Christus juis gekruisig word? A Christus moes gekruisig word, omdat God die kruisdood vervloek het.	39	V Waarom moes Hy juis aan die kruis sterwe? A Hy moes juis aan die kruis sterwe, omdat die kruisdood deur God vervloek is; daarom is ek nou seker dat Hy die vervloeking wat op my rus, op Hom geneem het.	38 Vraag: Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely? Antwoord: Sodat Hy onskuldig deur die wêreldlike regter veroordeel sou word (a) en ons daardeur sou bevry van die streng oordeel van God wat oor ons moes kom (b). (a) Joh 18:38; Matt 27:24; Luk 23:14, 15; Joh 19:4. (b) Ps 69:5; Jes 53:4, 5; 2 Kor 5:21; Gal 3:13.
38	V Waarom word Pitatus genoem? A Hy was die aardse regter wat Jesus laat ly het om my te bevry			39 Vraag: Sit daar iets meer in dat Christus juis gekruisig is en nie op 'n ander manier gesterf het nie: Antwoord: Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het (a), omdat die kruisdood deur God vervloek is (b) (a) Gal 3:13. (b) Deut 21:23.
39	V Watter waarde het Christus se kruisdood vir ons? A Deur sy kruisdood het Christus die vloek wat ons moes tref op Hom geneem.			

SONDAG 16JESUS: SY LEWE VIR JOU LEWE

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwassenes (Psalmbboek)	
40	V	Waarom moes Christus sterwe?	40	V	Waarom moes Christus Hom tot in die dood verneder?
	A	Christus se sterwe is die enigste manier waarop vir ons sondes betaal kon word.		A	Christus moes Hom tot in die dood verneder. omdat die geregtigheid van God geëis het dat nie anders vir ons sondes betaal kon word nie as deur die dood van sy Seun.
41	V	Waarom is Christus begrawe?	41	V	Waarom is Hy begrawe?
	A	Christus is begrawe, sodat ons kan weet dat Hy regtig gesterf het.		A	Christus is begrawe, sodat ons kan weet dat Hy werklik gesterf het.
42	V	Waarom moet ons sterf?	42	V	As Christus dan vir ons gesterf het, hoe kom dit dan dat ons ook moet sterf?
	A	Dit is die deur na die ewige lewe		A	Ons dood is geen betaling vir ons sondes nie 'n afsterwe van die sonde en 'n deurgang na die ewige lewe.
43	V	Wat is die nut dat Christus gekruisig is?	43	V	Watter nut het ons dat Christus gekruisig is?
	A	Ons sondes is saam met Christus gekruisig. Ons sonde heers nie meer oor ons nie. Ons kan aan Hom gehoorsaam wees.		A	Ons sondes is saam met Christus gekruisig. Ons sonde heers nie meer oor ons nie en daarom kan ons aan Hom gehoorsaam wees.
44	V	Wat beteken dit dat Christus neergedaal het na die hel?	44	V	Waarom volg daar: Wat neergedaal het na die hel?
	A	Christus het veral aan die kruis in ons plek die straf van die hel gedra.		A	Christus het veral aan die kruis 'n onuitspreeklike benoudheid en helse kwelling deurgemaak om my van die helse benoudheid en pyn te verlos.
				40	<i>Vraag:</i> Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot <i>in die dood</i> toe verneder het? <i>Antwoord:</i> Weens die geregtigheid en waarheid van God (a) kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie (b). (a) Gen 2:17. (b) Rom 8:3, 4; Heb 2:14, 15.
				41	<i>Vraag:</i> Waarom is Hy <i>begrawe</i> ? <i>Antwoord:</i> Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het (a). (a) Hand 13:29; Matt 27:59, 60; Luk 23:53; Joh 19:38.
				42	<i>Vraag:</i> As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe? <i>Antwoord:</i> Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie (a), maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe (b). (a) Mark 8:37; Ps 49:8. (b) Fil 1:23; Joh 5:24; Rom 7:24.
				43	<i>Vraag:</i> Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis? <i>Antwoord:</i> Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe (a). Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, (b) maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy (c). (a) Rom 6:6. (b) Rom 6:6, 12. (c) Rom 12:1.
				44	<i>Vraag:</i> Waarom volg daar: en neergedaal het na die hel? <i>Antwoord:</i> Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertrou dat my Here Jesus Christus my van die hel se benoudheid en pyn verlos het (a). Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking (b) wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het. (a) Jes 53:5. (b) Ps 18:5, 6; 116:3; Matt 26:38; 27:46 Heb 5:7

SONDAG 17JESUS: DIE OORWINNAAR

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasse nes (Psalmboek)
45a	V Watter betekenis het die opstanding van Christus? A Christus het deur Sy opstanding die dood oorwin.	45	V Watter waarde het die opstanding van Christus vir ons? A Christus se opstanding beteken vir ons: i Hy het die dood oorwin om ons voor God regverdig te maak. ii Deur sy krag wek Hy ons op om 'n nuwe lewe te lei. iii Dit is vir ons die pand van ons salige opstanding.	45 Vraag: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons? Antwoord: Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak (a). Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek (b). Ten derde is die opstanding van Christus vir ons n betroubare waarborg van ons salige opstanding (c). (a) Rom 4:25; 1 Pet 1:3; 1 Kor 15:16. (b) Rom 6:4; Kol 3:1, 5; Ef2:5, 6. (c) 1 Kor 15:20, 21.
45b	V Hoe word jou lewe nou deur Christus se opstanding verander? A Deur Christus se opstanding kry ek die krag om 'n nuwe lewe te lei.			
45c	V Waarvan is Christus se opstanding vir jou 'n bewys? A Christus se opstanding is vir my 'n bewys dat ek ook eendag uit die dood sal opstaan om vir altyd salig te wees.			

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 18JESUS: TROONSBESTYGER

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwassenes (Psalmboek)
<p>46 V Wat beteken dit dat Christus na die hemel opgevaar het?</p> <p>A Christus het vir ons voordeel na die hemel gegaan totdat Hy terugkom om alle mense te oordeel.</p>	<p>46 V Wat beteken die woorde: Wat opgevaar het na die hemel?</p> <p>A Christus het voor die oë van sy dissipels van die aarde na die hemel opgevaar en Hy is ons ten goede daar totdat Hy terugkom om die lewendes en die dooies te oordeel.</p>	<p>46 Vraag: Wat verstaan jy onder: wat opgevaar het na die hemel?</p> <p>Antwoord: Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem (a) en Hy is vir ons daar ten goede (b) totdat Hy terugkom om reg te spreek oor die lewendes en die wat alreeds gesterf het (c).</p> <p>(a) Hand 1:9; Mark 16:19; Luk 24:51: (b) Heb 9:24; 4:14; Rom 8:34; Kol 3:1. (c) Hand 1:11; Matt 24:30.</p>
<p>47 V Maar is Christus dan nie altyd by ons soos Hy beloof het nie?</p> <p>A Ja, Christus is altyd by ons omdat Hy ook God is.</p>	<p>47 V Is Christus dan nie by ons tot aan die end van die wêreld nie?</p> <p>A As mens is Christus nie meer op die aarde nie, maar na sy Godheid, majesteit, genade en Gees bly Hy altyd by ons.</p>	<p>47 Vraag: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie (a)?</p> <p>Antwoord: Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie (b), maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie (c).</p>
<p>49a V Watter waarde het die hemelvaart van Christus vir ons?</p> <p>A Christus bid vir ons in die hemel by die Vader en sal ons na Hom toe neem.</p>	<p>49 V Watter waarde het die hemelvaart van Christus vir ons?</p> <p>A Christus se hemelvaart beteken vir ons:</p>	<p>(a) Matt 28:20. (b) Heb 8:4; Matt 26:11; Joh 16:28; 17:11; Hand 3:21. (c) Joh 14:18; Matt 28:20.</p>
<p>49b V Het Christus ons as weeskinders laat agterbly?</p> <p>A Christus het ons nie as wese agtergelaat nie, maar sy Heilige Gees gestuur om altyd by ons te bly en ons te troos.</p>	<p>i Hy is ons Voorspreker in die hemel.</p> <p>ii Ons het in Hom ons liggaam as 'n pand in die hemel.</p> <p>iii Hy stuur aan ons sy Gees as 'n teëpand.</p>	<p>48 Vraag: Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?</p> <p>Antwoord: Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig (a). Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid (b) is, maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.</p> <p>(a) Jer 23:24; Hand 7:49. (b) Kol 2:9; Joh 3:13; 11:15; Matt 28:6.</p> <p>49 Vraag: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?</p> <p>Antwoord: Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is (a). Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem (b). Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur (c) deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie na wat op die aarde is nie (d).</p> <p>(a) 1 Joh 2:1; Rom 8:34. (b) Joh 14:2; 17:24; 20:17 2:6. (c) Joh 14:16; 16:7; Hand 2:33; 2 Kor 1:22; 5:5 (d) Kol 3:1.</p>

SONDAG 19JESUS: DIE REGTER

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwassenes (Psalmboek)
50	V Wat beteken dit dat Christus aan die regterhand van God sit?	50	V Wat beteken die woorde: "En sit aan die regterhand van God"?	50 Vraag: Waarom word daar bygevoeg: en sit aan regterhand van God? Antwoord: Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk (a) kan betoon, deur wie die Vader alles regeer (b). (a) Ef 1:20-23; Kol 1:18. (b) Matt 28:18; Joh 5:22.
	A Dat Christus aan die regterhand van die Vader sit, beteken dat die Vader Hom as Hoof van sy kerk aangestel het om oor alles te regeer.	A	A Deur te sit aan die regterhand van God toon Christus dat Hy die Hoof is van sy Kerk, deur Wie die Vader alle dinge regeer.	51 Vraag: Watter nut bring hierdie heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons? Antwoord: Ten eerste dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort (a). Ten tweede dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar (b). (a) Hand 2:33; Ef4:8. (b) Ps 2:9; 110:1, 2; Joh 10:28; Ef 4:8.
52	V Wat sal Christus doen as Hy weer na die aarde kom?	52	V Watter waarde het dit vir jou dat die Here Jesus weer sal kom om "die lewendes en die dooies te oordeel"?	52 Vraag: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel? Antwoord: Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag (a) wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het. Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp (b), maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid saamneem (c). (a) Fil 3:20; Luk 21:28; Rom 8:23; Tit 2:13; 1 Tess 4:16. (b) Matt 25:41; 2 Tess 1:6. (c) Matt 25:34; 2 Tess 1:7.
	A Christus sal met sy wederkoms almal wat nie glo nie vir ewig straf, maar my en al die ander uitverkorenes na Hom toe neem.	A	A As Christus weer kom sal Hy die goddeloses ewiglik straf en my saam met al die gelowiges na Hom toe neem en ewige blydskap en heerlikheid.	

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 20GOD DIE HEILIGE GEES

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwassenes (Psalmboek)
53a	V Wie is die Heilige Gees? A Die Heilige Gees is saam met die Vader en die Seun ware en ewige God.	53	V Wat glo jy van die Heilige Gees? A i Die Heilige Gees is saam met die Vader en die Seun waaragtige en ewige God. ii Hy is ook aan my gegee om my deur 'n ware geloof Christus en al sy weldade deelagtig te maak. iii Hy troos my en bly vir ewig by my.	53 Vraag: Wat glo jy van die Heilige Gees? Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God (a). Ten tweede is Hy ook aan my gegee (b) sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, (c) my troos (d) en ewig by my bly (e). (a) 1 Joh 5:7; Gen 1:2; Jes 48:16;1 Kor 3:16; 6:19; Hand 5:3, 4. (b) Gal 4:6; Matt 28:19, 20; 2 Kor 1:22 ; Ef 1:13. (c) Gal 3:14;1 Pet 1:2;1 Kor 6:17. (d) Joh 15:26; Hand 9:31. (e) Joh 14:16;1 Pet 4:14.
53b	V Hoekom is die Heilige Gees aan jou gegee? A Die Heilige Gees is aan my gegee om my in Christus te laat glo; my te troos, en altyd by my te bly.			

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 21 DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES: DIE KERK

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmboek)
54a	V Wat is die heilige, algemene, Christelike kerk? A Die heilige, algemene, Christelike Kerk is 'n vergadering van almal wat waarlik in Christus glo.	54	V Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk? A Die Seun van God vergader vir Hom deur sy Gees en Woord uit alle mense 'n gemeente van uitverkorenes en hiervan is ek 'n lewende lid tot in ewigheid .	54 Vraag: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk? Antwoord: Dat die Seun van God (a) uit die hele menslike geslag (b) vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is (c), deur sy Gees en Woord (d) in die eenheid van die ware geloof (e) van die begin van die wêreld af tot die einde toe (f) vergader, beskerm en onderhou (g) en dat ek daarvan 'n lewende lid is (h) en ewig sal bly (i). (a) Ef 5:26; Joh 10:11; Hand 20:28; Ef 4:11-13. (b) Gen 26:4; Op 5:9. (c) Rom 8:29; Ef 1:10-13. (d) Jes 59:21; Rom 1:16; 10:14-17; Ef 5:26. (e) Hand 2:42; Ef 4:3-5. (f) Ps 71:17, 18; Jes 59:21; 1 Kor 11:26. (g) Matt 16:18; Joh 10:28-30; Ps 129:1-5. (h) 1 Joh 3:14, 19-21; 2 Kor 13:5; Rom 8:10. (i) Ps 23:6; 1 Kor 1:8, 9; Joh 10:28; 1 Joh 2:19; 1 Pet 1:5.
54b	V Waar kom die Kerk vandaan? A Die Seun van God maak almal wat uitverkies is deur die Gees en Woord, in sy Kerk bymekaar.	55	V Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges? A Die gemeenskap van die heiliges beteken: i Al die gelowiges het deel aan die Here Jesus Christus en aan al die skatte en gawes. ii Elkeen moet sy gawes tot saligheid van die ander lede gewilliglik en met vreugde aanwend.	55 Vraag: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges? Antwoord: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het (a). Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend (b). (a) 1 Joh 1:3; Rom 8:32; 1 Kor 12:12, 13; 1 Kor 6:17. (b) 1 Kor 12:21; 13:1, 5; Fil 2:4-8.
54c	V Wat doen die Seun van God vir sy Kerk? A Die Seun van God beskerm en onderhou sy Kerk van die begin tot die einde van die wêreld.	56	V Wat glo jy van die vergewing van sondes? A Ter wille van Christus neem God al my sondes so weg dat Hy: i nooit weer daaraan sal dink nie, en ii my nooit daarvoor sal straf nie.	56 Vraag: Wat glo jy van die vergewing van die sondes? Antwoord:.. Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry nooit meer (a) wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk (b) sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie (c). (a) 1 Joh 2:2; 1:7; 2 Kor 5:19. (b) Rom 7:23-25; Jer 31:34; Miga 7:19; Ps 103:3, 10, 12. (c) Joh 3:18; 5:24.
54d	V Behoort jy ook aan die Kerk van die Here Jesus Christus? A Ja, ek glo ek behoort nou en vir ewig tot die Kerk van die Here Jesus Christus.			
55	V Wat is die gemeenskap van die heiliges? A Die gemeenskap van die heiliges beteken: die gelowiges moet mekaar dien met die skatte en gawes wat Christus aan ons elkeen gee.			
56	V Wat beteken die vergewing van sondes? A Vergewing van sondes beteken ek het geen skuld by God nie, omdat Christus dit ten volle betaal het.			

SONDAG 22GLO JY IS VERLOS

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasse nes (Psalmbboek)
57a	V Watter troos gee die opstanding van die vlees aan jou? A Christus sal my liggaam uit die dood opwek en weer met sy siel verenig.	57	V Watter troos gee die opstanding van die vlees aan jou? A i Wanneer ek sterwe gaan my siel dadelik na Christus toe. ii Nadat hy my opgewek het, word my liggaam en siel weer een. iii Dan word my liggaam soos die heerlike liggaam van Christus.	57 <i>Vraag:</i> Watter troos gee die <i>opstanding van die liggaam</i> aan jou? <i>Antwoord:</i> Dat nie alleen my siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie (a), maar ook hierdie selfde liggaam van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word (b). (a) Luk 16:22; 23:43; Fil 1:21, 23. (b) Job 19:25, 26; 1 Joh 3:2; Fil 3:21.
57b	V Wanneer sal Christus jou liggaam uit die dood opwek? A Christus sal my liggaam uit die dood opwek met sy wederkoms.			
58a	V Hoe word jy getroos deur die geloof aan die ewige lewe? A In die ewige lewe sal ek ten volle salig wees en God vir ewig prys.	58	V Wat beteken dit vir jou dat jy aan die ewige lewe glo? A Om te glo aan die ewige lewe beteken: i Ek het in hierdie lewe reeds die beginsel van die ewige vreugde in my hart. ii Na hierdie lewe sal ek heeltemal salig wees sodat ek God ewig sal loof en prys.	58 <i>Vraag:</i> Watter troos skep jy uit die artikel van die <i>ewige lewe</i> ? <i>Antwoord:</i> Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar (a), ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit - 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie - om God daarin ewig te prys (b). (a) 2 Kor 5:2, 3. (b) 1 Kor 2:9.
58b	V Wanneer begin jy die vreugde van die ewige lewe geniet? A Ek voel nou al die vreugde van die ewige lewe in my hart omdat ek in Christus glo.			

SONDAG 23SLEGS DIE WARE GELOOF RED JOU

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmboek)
59	V Watter waarde het dit vir jou as jy glo wat in die Twaalf Artikels staan? A Deur alles in die Twaalf Artikels te glo, is ek in Christus voor God regverdig.	59	V Watter waarde het dit vir jou as jy alles glo wat in die Twaalf Artikels staan? A Deur alles in die Twaalf Artikels te glo is ek in Christus voor God regverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe.	59 <i>Vraag:</i> Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo? <i>Antwoord:</i> Dat ek in Christus voor God geregverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe is (a). (a) Hab 2:4; Rom 1:17; Joh 3:36.
60a	V Wat beteken dit om regverdig te wees? A Om regverdig te wees beteken dat God my onskuldig verklaar.	60	V Hoe is jy regverdig voor God? A Net deur 'n ware geloof in Jesus Christus word al my sondes so volkome vergewe asof ek nooit enige sonde gedoen het nie.	60 <i>Vraag:</i> Hoe is jy regverdig voor God? <i>Antwoord:</i> Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus (a); so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie (b) en dat ek nog gedurigdeur tot alle kwaad geneig is (c), God nogtans (d) aan my sonder enige verdienste van my kant (e), uit louter genade (f) die volkome genoegdoening (g), geregtigheid en heiligheid van Christus skenk (h). Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het (i). Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart (j) aanneem. (a) Rom 3:21, 22, 24; 5:1, 2; Gal 2:16; Ef 2:8, 9; Fil 3:9. (b) Rom 3:9. (c) Rom 7:23. (d) Rom 4:4; 2 Kor 5:19. (e) Tit 3:5; Deut 9:6; Eseg 36:22. (f) Rom 3:24; Ef 2:8. (g) 1 Joh 2:2. (h) 1 Joh 2:1. (i) 2 Kor 5:21. (j) Rom 3:22; Joh 3:18.
60b	V Hoe kan jy onskuldig verklaar wees as jy nog sonde doen? A Ek is onskuldig voor God, omdat Christus in wie ek glo my skuld betaal het.	61	V Waarom sê jy dat jy net deur die geloof regverdigheid is? A My geloof self maak my nie regverdig nie; net die verdienste van Christus maak my regverdig; maar ek kan hierdie weldaad net deur die geloof my eie maak.	61 <i>Vraag:</i> Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is? <i>Antwoord:</i> Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is (a). En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie (b). (a) 1 Kor 1:30; 2:2. (b) 1 Joh 5:10.
61	V Kan jou geloof die regverdigheid voor God verdien? A Nee, Christus het my regverdigheid voor God verdien en ek neem dit met die geloof aan.			

SONDAG 24 DIE WARE GELOOF IS SIGBAAR IN DIE UITVERKORENE

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasse nes (Psalmboek)
62	V Kan ons goeie dae ons regverdig maak? A Nee, selfs ons beste dae kan ons die regverdig maak nie omdat dit nog vol sonde is.	62	V Waarom kan ons goeie werke ons nie regverdig maak nie? A Die werke wat voor God iets kan verdien, moet volmaak wees, terwyl ons beste werke almal onvolmaak en met sonde beplek is.	62 <i>Vraag:</i> Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie? <i>Antwoord:</i> Omdat die geregtigheid wat voor die oordeel van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem (a) en omdat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is (b). (a) Gal 3:10; Deut 27:26: (b) Jes 64:6.
63a	V Beloon God ons dan glad nie vir ons goeie dae nie? A God beloon ons uit genade en nie omdat ons dit verdien nie.	63	V Beloon God ons dan nie vir ons goeie werke nie? A God beloon wel ons goeie werke, maar ons verdien nie die beloning nie, ons ontvang dit uit genade.	63 <i>Vraag:</i> Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomstige lewe wil beloon? <i>Antwoord:</i> Hierdie beloning word nie uit verdienste nie, maar uit genade gegee (a). (a) Luk 17:10.
63b	V As ons goeie dae dan niks verdien nie, sal ons nie maar daarmee ophou nie? A Nee. Iemand wat in Christus glo, kan nie ophou om uit dankbaarheid goeie dae te doen nie.	64	V Maak hierdie leer nie sorgelose en goddelose mense nie? A Hierdie leer maak nie sorgelose en goddelose mense nie, want iemand wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, sal uit dankbaarheid goeie vrugte dra.	64 <i>Vraag:</i> Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie? <i>Antwoord:</i> Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie (a). (a) Matt 7:18; Joh 15:5.
64	V Waarom hou die gelowige aan om goeie dae te doen? A Die gelowige hou aan met goeie dae, omdat 'n goeie boom altyd goeie vrugte dra.			

SONDAG 25 GOD STERK DIE WARE GELOOF SIGBAAR: SAKRAMENTE

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwassenes (Psalmboek)
65a	V Waar kom jou geloof in die Here vandaan? A Die Heilige Gees gee ons geloof.	65a	V Aangesien ons net deur die geloof deel het aan Christus en al sy weldade, waar kom so 'n geloof dan vandaan? A Die Heilige Gees werk die ware geloof in ons.	65 <i>Vraag:</i> Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan? <i>Antwoord:</i> Die Heilige Gees werk dit in ons harte (a) deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die sakramente (b). (a) Ef 2:8; 6:23; Joh 3:5; Filp 1:29. (b) Matt 28:19; 1 Pet 1:22-23.
65b	V Hoe gee die Heilige Gees ons geloof? A Die Heilige Gees gee ons geloof deur die prediking van die Evangelie.	65b	V Waardeur werk die Heilige Gees die geloof in ons harte? A Die Heilige Gees werk die geloof in ons harte deur die verkondiging van die heilige Evangelie.	66 <i>Vraag:</i> Wat is sakramente? <i>Antwoord:</i> Dit is heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God vanweë die enige offer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk (a). (a) Gen 17:11; Rom 4:11; Deut 30:6; Lev 6:25; Heb 9:7-9, 24; Eseg 20:12; Jes 6:6, 7; 54:9.
65c	V Hoe maak die Heilige Gees ons geloof sterk? A Die Heilige Gees maak ons geloof sterk deur die gebruik van die sakramente.	65c	V Waardeur versterk die Heilige Gees die geloof? A Die Heilige Gees versterk ons geloof deur die verkondiging van die Evangelie en die gebruik van die sakramente.	67 <i>Vraag:</i> Is die Woord en die sakramente albei daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus wat aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid te wys? <i>Antwoord:</i> Ja, seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus, wat aan die kruis vir ons volbring is (a). (a) Rom 6:3; Gal 3:27.
66	V Wat is sakramente? A Sakramente is heilige tekens en bewyse wat God ingestel het.	66	V Wat is sakramente? A Sakramente is heilige sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om ons die belofte van die Evangelie beter te laat verstaan en ons daarvan te verseker.	68 <i>Vraag:</i> Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel? <i>Antwoord:</i> Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.
67	V Watter sakramente is daar? A Daar is twee sakramente: i Die heilige doop; en ii die heilige nagmaal.	67	V Watter sakramente het Christus ingestel? A Christus het twee sakramente ingestel, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.	

SONDAG 26 GOD STERK DIE WARE GELOOF SIGBAAR: DIE HEILIGE DOOP

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwasseenes (Psalmboek)
<p>69 V Wat beteken die heilige doop?</p> <p>A Die heilige doop beteken dat ek met die bloed en Gees van Christus van al my sondes gewas is.</p>	<p>69 V Hoe word jy in die doop geleer en verseker dat Christus se offerande aan die kruis jou van jou sonde verlos?</p> <p>A Net so seker as wat ek by die doop met water gewas is, is ek met die bloed en Gees van Christus van die onreinheid van my siel gewas.</p>	<p>69 <i>Vraag:</i> Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offer van Christus aan die kruis jou ten goede kom?</p> <p><i>Antwoord:</i> So: Christus het die uitwendige waterbad ingestel (a). Daarby het Hy belooft (b) dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, gewas is (c) as wat ek uitwendig met die water gewas is, wat die vuilheid van die liggaam wegneem.</p> <p>(a) Matt 28:19. (b) Matt 28:19; Mark 16:16; Hand 2:38; Joh 1:33; Matt 3:11; Rom 6:3, 4. (c) 1 Pet 3:21; Mark 1:4; Luk 3:3.</p>
<p>70 V Wat beteken dit om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees?</p> <p>A Die bloed van Christus neem ons sondes weg en die Heilige Gees laat ons meer en meer met Christus lewe.</p>	<p>70a V Wat beteken dit om met die bloed van Christus gewas te word?</p> <p>A Om met die bloed van Christus gewas te word beteken dat al my sondes vergewe is omdat Christus daarvoor met sy bloed betaal het.</p>	<p>70 <i>Vraag:</i> Wat beteken dit om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees?</p> <p><i>Antwoord:</i> Dit beteken om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het (a). Verder, om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe (b).</p> <p>(a) Heb 12:24; 1 Pet 1:2; Op 1:5; 7:14; Sag 13:1; Eseg 36:25. (b) Joh 1:33; 3:5; 1 Kor 6:11; 12:13; Rom 6:4; Kol 2:12.</p>
<p>71 V Hoe het Christus die heilige doop ingestel?</p> <p>A Hy het in Matteus 28:19 gesê: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees".</p>	<p>70b V Wat beteken dit om met die Gees van Christus gewas te word?</p> <p>A Om met die Gees van Christus gewas te word beteken dat ons deur die Heilige Gees tot lede van Christus geheilig word.</p> <p>71 V Waar lees ons van die instelling van die doop?</p> <p>A in Matteus 28:19 lees ons: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees".</p>	<p>71 <i>Vraag:</i> Waar het Christus ons belowe dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?</p> <p><i>Antwoord:</i> Met die instelling van die doop wat soos volg lui: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees..." (Matt 28:19); en: "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word" (Mark 16:16). Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes noem (Tit 3:5; Hand 22:16).</p>

SONDAG 27 GOD STERK DIE WARE GELOOF SIGBAAR: DIE HEILIGE DOOP (2)

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmboek)
72	V Was die doopwater 'n mens se sonde af? A Nee, nie die doopwater nie, maar net die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees was ons sonde af.	72	V Was die doopwater dan die sondes af? A Die doopwater was nie die sondes af nie, net die bloed van Jesus Christus reinig ons van alle sonde.	72 <i>Vraag:</i> Is die uitwendige, waterbad self dan die afwassing van die sonde? <i>Antwoord:</i> Nee (a), want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes (b). (a) Matt 3:11; 1 Pet 3:21; Ef 5:26. (b) 1 Joh 1:7; 1 Kor 6:11.
74a	V Waarom noem die Bybel die doop die afwassing van die sondes? A Soos water ons liggaam skoonwas, so was die bloed en Gees van Christus ons sondes af.	74a	V Waarom moet klein kindertjies ook gedoop word? A Klein kindertjies moet ook gedoop word, omdat hulle net soos die grootmense aan die verbond van God en die kerk van Christus behoort.	73 <i>Vraag:</i> Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes? <i>Antwoord:</i> God sê dit nie sonder gewigtige rede nie. Hy wil ons naamlik daarmee leer dat die bloed en Gees van Christus ons sondes so wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam wegneem. Verder wil Hy ons veral deur hierdie Goddelike waarborg en teken verseker dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word.
74b	V Waarom moet die klein kindertjies ook gedoop word? A Klein kindertjies moet gedoop word, want hulle behoort ook aan die Here en sy kerk.	74b	V Wat belof God in die verbond aan die gelowiges en hulle kinders? A Aan die gelowiges en hulle kinders belof God in die verbond die vergifnis van sondes deur die bloed van Jesus Christus, en die Heilige Gees wat die geloof werk.	74 <i>Vraag:</i> Moet die jong kinders ook gedoop word? <i>Antwoord:</i> Ja, aangesien hulle net soos die volwasseenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is (a). Ook aan hulle word nie minder as aan die volwasseenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes (b) en die Heilige Gees wat die geloof werk (c), belof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word (d). So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen (e) in die plek waarvan die nuwe Verbond die doop ingestel is (f). (a) Gen 17:7. (b) Matt 19:14. (c) Luk 1:15; Ps 22:11; Jes 44:1-3; Hand 2:39. (d) Hand 10:47. (e) Gen 17:14. (f) Kol 2:11-13.
		74c	V Wat eis God in die verbond in verband met die kinders van die gelowiges? A Die kinders van die gelowiges moet deur die doop as teken van die verbond in die kerk ingelyf en so van die kinders van die ongelowiges onderskei word.	

SONDAG 28 GOD STERK DIE WARE GELOOF SIGBAAR: DIE HEILIGE NAGMAAL VAN ONS HERE (1)

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwassenes (Psalmboek)
<p>75a V Hoe leer die nagmaal ons dat Christus ook vir ons gesterf het?</p> <p>A Christus het gesê dat ons aan sy dood moet dink wanneer ons die brood en wyn een en drink.</p>	<p>75a V Waarvan is die brood en die wyn by die nagmaal 'n teken?</p> <p>A Die brood en wyn is teken dat Jesus se liggaam aan die kruis vir my gebreek en sy bloed vir my vergiet is.</p>	<p>75 <i>Vraag:</i> Hoe word jy in die heilige nagmaal daarop gewys en daarvan verseker dat jy aan die enige offerande van Christus aan die kruis en aan al sy weldade deel het?</p> <p><i>Antwoord:</i> Christus het my en alle gelowiges beveel om tot sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood te eet en van hierdie beker te drink. Daarby het Hy beloop (a), Ten eerste, dat sy liggaam so seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek, en sy bloed vir my gestort is, as wat ek met my oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die beker aan my gegee word. Ten tweede, dat Hy self my siel met sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed net so seker vir die ewige lewe voed en verkwik as wat ek die brood en die beker van die Here, as ontwyfelbare tekens van Christus se liggaam en bloed, uit die hand van die bedienaar ontvang en met die mond geniet.</p> <p>(a) Matt 26:26-28; Mark 14:22-24; Luk 22:19, 20; 1 Kor 10:16, 17; 11:23-25; 12:13.</p>
<p>75b V Wat beteken die brood en die wyn in die nagmaal?</p> <p>A Die brood stel Christus se liggaam voor wat gebreek is, en die wyn sy bloed wat gestort is.</p>	<p>75b V Waarvan verseker die heilige nagmaal jou?</p> <p>A Net so seker as wat die brood en die wyn my liggaam voed en verkwik, net so seker voed en verkwik Christus my siel deur die werking van die Heilige Gees met sy liggaam en bloed.</p>	<p>76 <i>Vraag:</i> Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy vergote bloed te drink?</p> <p>A As ons die nagmaal vier, versterk die Here ons geloof deurdat Hy ons:</p> <p>i deur sy bloed regverdig maak; en</p> <p>ii deur sy Gees heilig maak.</p>
<p>75c V Waarvan verseker die brood en die wyn ons?</p> <p>A Die brood en die wyn verseker ons dat Christus se liggaam vir ons gebreek en sy bloed vir ons gestort is.</p>	<p>76 V Wat beteken dit vir jou om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy vergote bloed te drink?</p> <p>A As ons die nagmaal vier, versterk die Here ons geloof deurdat Hy ons:</p> <p>i deur sy bloed regverdig maak; en</p> <p>ii deur sy Gees heilig maak.</p>	<p>76 <i>Vraag:</i> Wat beteken dit om die gekruisigde liggaam van Christus te eet en sy bloed wat vergiet is, te drink?</p> <p><i>Antwoord:</i> Dit beteken nie slegs om met 'n gelowige hart die hele lyding en sterwe van Christus aan te neem en daardeur vergewing van sondes en die ewige lewe te verkry nie (a). Dit beteken boonop om deur die Heilige Gees, wat tegelyk in Christus en in ons woon, al hoe meer so met sy geseënde liggaam verenig te word (b), dat ons vlees van sy vlees en been van sy gebeente is (c); al is Christus nou in die hemel (d) en ons op die aarde. Dit wil se dat ons deur een Gees - soos die ledemate van die liggaam deur een siel - ewig lewe en geregeer word (e).</p> <p>(a) Joh 6:35, 40, 47, 48, 50, 51, 53, 54. (b) Joh 6:55, 56. (c) Ef 5:29, 30; 3:16; 1 Kor 6:15; 1 Joh 3:24; 4:13. (d) Kol 3:1; Hand 3:21; 1 Kor 11:26. (e) Joh 6:57; 15:1-6; Ef 4:15, 16.</p>
<p>77 V Wanneer het Christus beloop dat hy ons deur sy liggaam en bloed sal verlos?</p> <p>A Die aand toe Christus die nagmaal ingestel het, het Hy beloop om ons met sy liggaam en bloed te verlos.</p>	<p>77 V Waar het Christus dit aan ons beloop?</p> <p>A By die instelling van die nagmaal wat aldus lui: 1 Korintiërs 11:23-26: "Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet, dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook dit beker na die ete, met die woorde: Hierdie beker is die Nuwe Testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as wat julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die</p>	<p>77 <i>Vraag:</i> Waar het Christus beloop dat Hy die gelowiges so seker met sy liggaam en bloed sal voed en verkwik as wat hulle van hierdie gebreekte brood eet en uit hierdie beker drink?</p> <p><i>Antwoord:</i> By die instelling van die nagmaal wat soos volg lui (a): "In die nag waarin Hy verraai is, het die Here Jesus brood</p>

	<p>dood van die Here totdat Hy kom.</p>	<p>geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: `Neem, eet, dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete met die woorde: Hierdie beker is die nuwe vtestament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle van hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom" (1 Kor 11:23-26). Hierdie belofte word ook herhaal deur Paulus waar hy sê: "Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood" (1 Kor 10:16, 17).</p> <p>(a) Matt 26:26-28; Mark 14:22-24; Luk 22:19, 20.</p>
--	---	---

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 29 GOD STERK DIE WARE GELOOF SIGBAAR: DIE HEILIGE NAGMAAL VAN ONS HERE (2)

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwassenes (Psalmboek)
78	V Verander die brood en die wyn werklik in die liggaam en bloed van Christus? A Nee, die brood en die wyn is net tekens en seëls liggaam en bloed van Christus.	78	V Verander die brood en die wyn in die werklike liggaam en bloed van Christus? A Die brood en die wyn verander nie in die werklike liggaam en bloed van Christus nie. Dit is net tekens en 'n versekering dat ons siele deur die geloof in Hom met sy gekruisigde liggaam en bloed gevoed en verkwik word.	78 <i>Vraag:</i> Verander die brood en wyn dan in die werklike liggaam en bloed van Christus? <i>Antwoord:</i> (a) Nee, maar soos die water by die doop nie in die bloed van Christus verander of die afwassing van sonde self is nie, maar slegs 'n Goddelike teken en versekering daarvan (b), so verander die brood by die nagmaal nie in die liggaam van Christus self nie (c). Ooreenkomstig die aard en gebruik van die sakramente word die brood egter die liggaam van Christus genoem (d). (a) Matt 26:29. (b) Ef 5:26; Tit 3:5. (c) 1 Kor 10:16; 11:26. (d) Gen 17:10, 11; Eks 12:11, 13; 13:9; 1 Pet 3:21; 1 Kor 10:3, 4.
79	V Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die wyn sy bloed? A Christus bedoel dat die brood sy liggaam en die wyn sy bloed voorstel.	79	V Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die wyn sy bloed? A Christus wil ons leer dat net so seker soos brood en wys ons liggame voed en verkwik, sy liggaam en bloed deur die werking van die Heilige Gees ons siele voed en verkwik. Hennie van Wyk 2010	79 <i>Vraag:</i> Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die beker sy bloed of die nuwe Testament in sy bloed en waarom noem Paulus dit die gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus? <i>Antwoord:</i> Daar is gewigtige redes waarom Christus so sê: Hy wil ons daarmee leer dat, soos brood en wyn die tydelike lewe onderhou, so voed sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed, as die egte voedsel en drank, ons siele vir die ewige lewe (a). Verder wil Hy ons deur hierdie sigbare tekens en waarborge veral verseker dat ons net so seker deur die werking van die Heilige Gees aan sy ware liggaam en bloed deel kry as wat ons hierdie heilige tekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang (b). Hy verseker ons ook dat al sy lyding en gehoorsaamheid so seker ons eie is asof ons self in eie persoon alles gely en die skuld vir ons sondes aan God ten volle betaal het. (a) Joh 6:55. (b) 1 Kor 10:16.

SONDAG 30 GOD STERK DIE WARE GELOOF SIGBAAR: DIE HEILIGE NAGMAAL VAN ONS HERE (3)

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwassenes (Psalmboek)
81	V Vir wie is die nagmaal ingestel? A Die nagmaal is net vir die mense wat waarlik glo ingestel.	80a	V Wat leer die Roomse Mis? A Die Mis leer: i Die brood en wyn verander in die werklike liggaam en bloed van Christus. ii Christus moet in brood en wyn aanbid word. iii Die mens ontvang vergifnis van sonde net as Christus daagliks deur die mispriesters geoffer word.	80 <i>Vraag:</i> Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis? <i>Antwoord:</i> Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het (a), en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word (b), wat nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader (c) is en daar deur ons aanbid wil word (d). Die Roomse mis, daarenteen, leer dat die lewendes en die gestorwenes nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes het nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die priesters geoffer word. Verder dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is en derhalwe daarin aanbid moet word. Die mis is dus in wese niks anders nie as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus en 'n afgodery wat vervloek is (e).
82a	V Mag ongelowige en goddelose mense ook aan die nagmaal toegelaat word? A Nee, ongelowige en goddelose mense moet van die nagmaal uitgesluit word.	80b	V Wat leer die heilige nagmaal ons teenoor die dwaling van die Roomse Mis? A Die nagmaal leer: i Ons ontvang vergewing van sondes deurdat Christus eenmaal klaar aan die kruis geoffer is. ii Christus is nier liggaamlik by die Nagmaal teenwoordig nie, maar Hy verenig ons met Hom deur sy Heilige Gees. iii Christus moet in die hemel aan die regterhand van sy Vader aanbid word.	(a) Heb 10:10, 12; 7:26, 27; 9:12, 25; Joh 19:30; Matt 26:28; Luk 22:19. (b) 1 Kor 10:16, 17; 6:17. (c) Joh 20:17; Kol 3:1; Heb 1:3; 8:1. (d) Matt 6:20, 21; Joh 4:21; Luk 24:52; Hand 7:55; Kol 3:1; Fil 3:20; 1 Tess 1:10. (e) Heb 9:26; 10:12, 14.
82b	V Hoe word die ongelowige en goddelose mense uitgesluit? A Die kerk moet die ongelowige en goddelose mense uitsluit deur die sleutels van die hemelryk.	81a	V Vir wie is die nagmaal van die Here ingestel? A Die nagmaal is ingestel vir mense wat: i opreg berou het oor hulle sondes. ii glo en vertrou dat hulle sondes ter wille van Christus vergewe is. iii graag 'n beter dankbaarheidslewe wil lei.	81 <i>Vraag:</i> Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom? <i>Antwoord:</i> Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en die wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie van harte tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself (a).
		81b	V Mag huigelaars en onbekeerdes ook nagmaal gebruik? A Huigelaars en onbekeerdes mag nie nagmaal gebruik nie, want hulle eet en drink 'n oordeel oor hulleself.	(a) 1 Kor 11:28; 10:19-22.
		82a	V Wat gebeur as mense wat hulle soos ongelowiges en goddeloses gedra, toegelaat word om nagmaal te gebruik?	

	<p>A As ongelowiges en goddeloses toegelaat word om die nagmaal te gebruik word die verbond van God onheilig en sy toorn oor die hele gemeente opgewek.</p> <p>82b V Wat moet die kerk doen met lidmate wat hulle in leer en lewe as ongelowiges en goddeloses gedra?</p> <p>A Die kerk is volgens opdrag van Christus verplig om lidmate wat hulle as ongelowiges en goddeloses gedra, deur die sleutels van die hemelryk uit te sluit totdat hulle verbetering van geloof bewys.</p>	<p>82 <i>Vraag:</i> Moet die mense ook aan die nagmaal toegelaat word wat met hulle belydenis en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is?</p> <p><i>Antwoord:</i> Nee, want so word die verbond van God onheilig en sy toorn oor die hele gemeente opgewek (a). Daarom is die Christelike kerk volgens die bevel van Christus en sy apostels verplig om sulke mense met die sleutels van die koninkryk van die hemel uit te sluit, totdat hulle verbetering van hulle lewe bewys.</p> <p>(a) 1 Kor 11:20, 34; Jes 1:11; 66:3; Jer 7:21; Ps 50:16.</p>
--	--	--

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 31 GOD STERK DIE WARE GELOOF SIGBAAR: DIE KERKLIKE TUG

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwasseenes (Psalmboek)
<p>83a V Wat is die sleutels van die hemelryk?</p> <p>A Dit is sleutels waarmee die poorte van die hemelryk oopgesluit en toegesluit word.</p>	<p>83 V Wat is die sleutels van die hemelryk?</p> <p>A Die sleutels van die hemelryk is die verkondiging van die evangelie en die Christelike sensuur of uitsluiting uit die gemeente.</p>	<p>83 <i>Vraag:</i> Wat is die sleutels van die koninkryk van die hemel?</p> <p><i>Antwoord:</i> Die verkondiging van die heilige evangelie en die Christelike tug. Met albei hierdie handeling word die koninkryk van die hemel vir die gelowiges oopgesluit en vir die ongelowiges toegesluit.</p>
<p>83b V Hoeveel sleutels is daar?</p> <p>A Daar is twee sleutels van die hemelryk:</p> <p>i die prediking van die Woord; en</p> <p>ii die kerklike tug.</p>	<p>84 V Hoe word die hemelryk deur die prediking van die evangelie oop- en toegesluit?</p> <p>A Aan die gelowiges word verkondig dat hulle sondes ter wille van die verdienste van Christus vergewe is as hulle die belofte van die evangelie glo; daarteenoor word aan die ongelowiges verkondig dat die toorn van God op hulle bly rus solank as hulle hul nie bekeer nie.</p>	<p>84 <i>Vraag:</i> Hoe word die koninkryk van die hemel deur die verkondiging van die heilige evangelie oop- en toegesluit?</p> <p><i>Antwoord:</i> Volgens die bevel van Christus word aan die gelowiges gesamentlik en afsonderlik verkondig en openlik betuig dat al hulle sondes hulle waarlik deur God ter wille van die verdienste van Christus vergewe is so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem. Daarenteen word aan al die ongelowiges en huigelaars verkondig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie (a). Volgens hierdie getuigenis van die evangelie sal God sowel in hierdie as in die toekomstige lewe oordeel.</p>
<p>84a V Hoe word die hemelryk deur die prediking van die Woord oopgesluit?</p> <p>A Deur die prediking van die Woord word die hemelryk oopgesluit vir die wat waarlik glo.</p>	<p>85 V Hoe word die hemelryk toe- en oopgesluit deur die Christelike ban of sensuur.</p> <p>A i Die lidmate wat hulle onchristelik gedra word vermaan.</p>	<p>(a) Joh 20:21-23; Matt 16:19.</p>
<p>84b V Hoe word die hemelryk deur die prediking van die Woord toegesluit?</p> <p>A Deur die prediking van die Woord word die hemelryk toegesluit vir die wat hulle nie bekeer en in Christus glo nie.</p>	<p>ii Die lidmate wat nie na die vermaning luister nie, word van die sakramente afgehou en uiteindelik uit die gemeente en die ryk van Christus uitgesluit.</p>	<p>85 <i>Vraag:</i> Hoe word die koninkryk deur die Christelike tug toe- en oopgesluit?</p> <p><i>Antwoord:</i> Volgens die bevel van Christus word die wat die naam Christen dra en tog 'n onchristelike leer huldig of hulle onchristelik gedra eers herhaalde kere broederlik vermaan. As hulle egter nie van hulle dwalinge of skandelige lewe wil afsien nie, moet dit aan die gemeente of aan die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, gesê word. As hulle hulle ook nie aan laasgenoemde se vermaninge steur nie, word</p>
<p>85a V Hoe word die hemelryk deur die Christelike ban toegesluit?</p> <p>A Die hemelryk word deur die ban toegesluit deurdat lidmate wat moedswillig aanhou sonde doen, verbied word om sakramente te gebruik.</p>	<p>iii As hulle hul bekeer, word hulle weer as lede van Christus en sy kerk aangeneem.</p>	
<p>85b V Wat beteken dit as iemand verbied word om sakramente te gebruik?</p> <p>A Iemand wat verbied word om sakramente te gebruik word deur die Here self uit die kerk en uit die hemelryk uitgesluit, as hy hom nie bekeer nie..</p>		

<p>85c V Hoe word die hemelryk deur die ban weer oopgesluit?</p> <p>A Die hemelryk word deur die ban weer oopgesluit wanneer die mense wat regtig verbetering van die geloof bewys, weer as lede van Christus en sy gemeente aangeneem word.</p>		<p>hulle nie langer tot die heilige sakramente toegelaat nie en uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit. Hulle word weer as lede van Christus en sy gemeente aangeneem wanneer hulle werklike verbetering beloof en bewys (a).</p> <p>(a) Matt 18:15-17; 1 Kor 5:4, 5, 11; 2 Kor 2:6-8.</p>
--	--	---

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 32 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: IN JOU LEEFWYSE

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwassenes (Psalmboek)	
86a	V Waarom moet ons nog goeie werke doen as ons uit genade verlos is? A Met ons goeie werke moet ons dankbaarheid aan God bewys vir al sy genade.	86	V Aangesien ons alleen uit genade verlos is, waarom moet ons nog goeie werke doen? A Ons moet goeie werke doen i omdat Christus ons deur sy Gees vernuut, sodat ons God dankbaarheid kan bewys; ii omdat ons daardeur sekerheid kry van die egtheid van ons geloof; iii omdat deur ons Christelike lewenswyse ons naaste vir Christus gewen word.	86	<i>Vraag:</i> Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is? <i>Antwoord:</i> Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys (a) dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys (b) word: Verder, sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry. (c), en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen (d). (a) Rom 6:13; 12:1, 2; 1 Pet 2:5, 9; 1 Kor 6:20. (b) Matt 5:16; 1 Pet 2:12. (c) 2 Pet 1:10; Matt 7:17 Gal 5:6, 22. (d) 1 Pet 3:1, 2; Rom 14:19.
86b	V Hoe kry ons dit reg om dankbaar te wees? A Die Heilige Gees maak ons nuwe mense, sodat ons dankbaar kan wees.				
86c	V Watter waarde het dit om goeie werke te doen? A Die goeie werke wat ons doen gee ons sekerheid dat ons gelowiges is.	87	V Kan mense wat in hulle goddelose ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie, ook salig word? A Mense wat aanhou om goddeloos te lewe kan nie salig word nie, want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, geldgierige, dronkaard, lasteraar of rower of dergelike die koninkryk van God sal beërwe nie.	87	<i>Vraag:</i> Kan die mense dan nie salig word wat in hulle goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie? <i>Antwoord:</i> Nee, glad nie. Want die Skrif sê dat geen onkuise, afgodedienaar, egbreker, dief, gierigaard, dronkaard, lasteraar, rower en sulkes die koninkryk van God sal beërwe nie (a). (a) 1 Kor 6:9, 10; Ef 5:5, 6; 1 Joh 3:14.
86d	V Watter waarde het ons goeie werke vir ander mense? A Deur ons goeie voorbeeld kan ander mense vir Christus gewen word.				
87	V Kan mense dan nie salig word wat in 'n goddelose ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer nie? A Nee, die goddelose mense wat hulle nie bekeer nie, sal die koninkryk van God nie beërwe nie.				

SONDAG 33 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: BEKERING

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmboek)
88	V Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens? A Die bekering het twee dele: i die afsterwe van die ou ongehoorsame mens, en ii die opstanding van die nuwe gehoorsame mens.	88	V Waaruit bestaan die ware bekering van die mens? A Die ware bekering bestaan uit twee dele: i die afsterwe van die oue mens, en ii die opstanding van die nuwe.	88 <i>Vraag:</i> Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens? <i>Antwoord:</i> Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens (a). (a) Rom 6:1, 4-6; Ef4:22-24; Kol 3:5, 6, 8-10; 1 Kor 5:7; 2 Kor 7:10.
89	V Wat is die afsterwe van die ou mens? A Die afsterwe van die ou mens is opregte berou oor die sonde.	89	V Wat is die afsterwe van die ou mens? A Die afsterwe van die ou mens is 'n hartlike berou dat ons God deur ons sondes vertoorn het, sodat ons die sonde nou al meer haat en daarvan wegvlug.	89 <i>Vraag:</i> Wat is die afsterwing van die ou mens? <i>Antwoord:</i> Dit is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug (a). (a) Rom 8:13; Joël 2:13; Hos 6:1.
90	V Wat is die opstanding van die nuwe mens? A Die opstanding van die nuwe mens is opregte vreugde in God deur Christus en 'n lus om goeie werke te doen.	90	V Wat is die opstanding van die nuwe mens? A Die opstanding van die nuwe mens is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en 'n lus en liefde om goeie werke te doen en volgens die wil van God te lewe.	90 <i>Vraag:</i> Wat is die opstanding van die nuwe mens? <i>Antwoord:</i> Dit is 'n hartlike vreugde in God deur Christus (a) en 'n lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe (b). (a) Rom 5:1; 14:17; Jes 57:15. (b) Rom 6:10, 11; Gal 2:20.
91	V Wat is goeie werke? A Goeie werke is wat ons doen: i uit 'n ware geloof, ii volgens die wet van God, iii net tot sy eer.	91	V Wat is goeie werke? A Goeie werke is net wat: i uit 'n ware geloof, ii volgens die wet van God, iii alleen tot sy weer gedoen word.	91 <i>Vraag:</i> Wat is goeie werke? <i>Antwoord:</i> Slegs die wat uit 'n ware geloof (a), volgens die Wet van God (b), tot sy eer gedoen word (c), en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie (d). (a) Rom 14:23. (b) Lev 18:4; 1 Sam 15:22; Ef 2:10. (c) 1 Kor 10:31. (d) Eseg 20:18, 19; Jes 29:13; Matt 15:7-9.

SONDAG 34 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – EEN WARE GOD

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasse nes (Psalmboek)
92	V Hoe lui die wet van die Here? A Eksodus 20:1 - 17	92	V Hoe lui die wet van die Here? A Eksodus 20:1 - 17	92 <i>Vraag:</i> Hoe lui die Wet van die Here? <i>Antwoord:</i> God het al hierdie gebooie aangekondig (Eks 20:1-17; Deut 5:6-21):
93	V Hoe word die Tien Gebooie verdeel? A Die Tien Gebooie word in twee tafels verdeel: i die eerste leer ons hoe ons ons teenoor God moet gedra, en ii die tweede wat ons aan ons naaste verskuldig is.	93	V Hoe word die Tien Gebooie verdeel? A Die Tien Gebooie word in twee tafels verdeel. Die eerste leer ons hoe ons ons teenoor God moet gedra, en die tweede wat ons aan ons naaste verskuldig is.	93 <i>Vraag:</i> Hoe word hierdie gebooie ingedeel? <i>Antwoord:</i> In twee tafels (a), waarvan die eerste in vier gebooie ons leer hoe ons ons teenoor God moet gedra, die tweede in ses gebooie, wat ons aan ons naaste verskuldig is (b). (a) Deut 4:13; Eks 34:28; Deut 10:3, 4. (b) Matt 22:37, 40.
94a	V Wat verbied God in die eerste gebod? A Ek moet van alle afgodery, waarsêery en bygeloof vermy en daarvan wegvlug.	94	V Wat gebied God in die eerste gebod? A Ek moet: 1 alle afgodery, towery, waarsêery en bygeloof vermy en daarvan wegvlug. 2 die ware God reg leer ken; 3 op Hom alleen vertrou	94 <i>Vraag:</i> Wat gebied God in die eerste gebod? <i>Antwoord:</i> Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery (a), towery, waarsêery, bygeloof (b), aanroeping van heiliges of ander skepsels (c) vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken (d), Hom alleen vertrou (e), my slegs aan Hom met alle nederigheid (f) en geduld onderwerp (g) en van Hom alleen alle goeie dinge (h) verwag. Ek moet Hom met my hele hart liefhê (i), vrees (j) en eer (k). Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel (1). (a) 1 Joh 5:21; 1 Kor 6:10; 10:7, 14. (b) Lev 19:31 Deut 18:9, 10, (c) Matt 4:10; Op 19:10; 22:8, 9. (d) Joh 17:3. (e) Jer 17:5, 7. (f) 1 Pet 5:5. (g) Heb 10:36; Kol 1:11; Rom 5:3, 4; I Kor 10:10; Fil 2:14. (h) Ps 104:27; Jes 45:7; Jak 1:17. (i) Deut 6:5; Matt 22:37. (j) Deut 6:2; Ps 111:10; Spr 1:7; 9:10; Matt 10:28. (k) Matt 4:10; Deut 10:20. (1) Matt 5:29; 10:37; Hand 5:29.
94b	V Wat gebied God in die eerste gebod? A God beveel my om Hom, die enigste ware God, reg te leer ken, Hom alleen te vertrou, lief te hê, t5e vrees en te eer.	95	V Wat is afgodery? A Afgodery is om in die plek van of naas die ware God iets anders te hê waarop jy vertrou.	95 <i>Vraag:</i> Wat is afgodery? <i>Antwoord:</i> Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar, het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertrou stel (a). (a) Ef 5:5; 1 Kron 16:26; Fil 3:19; Gal 4:8; Ef 2:12; 1 Joh 2:23; 2 Joh 9; Joh 5:23.
95	V Wat is afgodery? A Afgodery is om in die plek van God iets anders te hê waarop jy vertrou.			

SONDAG 35 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – DIEN DIE WARE GOD REG

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasse nes (Psalmboek)
<p>96 V Wat eis God in die tweede gebod?</p> <p>A God eis van My:</p> <p style="padding-left: 20px;">i Om nooit van Hom 'n afbeelding te maak nie,</p> <p style="padding-left: 20px;">ii om Hom op geen ander manier te dien as wat Hy in sy Woord beveel nie.</p> <p>97 V Mag ons glad nie beelde maak nie?</p> <p>A Ons mag van skepsele wel beelde maak, maar nie om hulle te vereer of God daardeur te dien nie.</p>	<p>96 V Wat eis God in die <i>tweede</i> gebod?</p> <p>A 1 Ons mag van God nooit enige afbeelding maak nie; en</p> <p style="padding-left: 20px;">2 Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel nie.</p> <p>97 V Mag ons glad nie beelde maak nie?</p> <p>A Van God mag ons nooit 'n beeld maak nie. Van skepsele mag ons wel beelde maak, maar nie om God daardeur te aanbid of die beelde te vereer nie.</p>	<p>Hennie van Wyk 2010</p>		<p>96 <i>Vraag:</i> Wat eis God in die tweede gebod?</p> <p><i>Antwoord:</i> Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie (a) en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie (b). (a) Jes 40:18, 19, 25; Deut 4:15, 16; Rom 1:23; Hand 17:29. (b) 1 Sam 15:23; Deut 12:30; Matt 15:9.</p> <p>97 <i>Vraag:</i> Mag ons dan glad nie beelde maak nie?</p> <p><i>Antwoord:</i> God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie (a). Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien (b). (a) Jes 40:25. (b) Eks 34:17; 23:24; 34:13; Num 33:52.</p> <p>98 <i>Vraag:</i> Mag ons beelde as "boeke van die leke" in die kerkgebou toelaat?</p> <p><i>Antwoord:</i> Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie (a), maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig (b). (a) Jer 10:8; Heb 2:18. (b) Rom 10:14, 15, 17; 2 Pet 1:19; 2 Tim 3:16, 17.</p>

SONDAG 36 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEKTEER DIE WARE GOD

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwasseenes (Psalmboek)
<p>99a V Wat eis die derde gebod?</p> <p>A God eis van my om sy Naam nie te laster of te misbruik nie.</p> <p>99b V Waarom mag ons nie vloek of vals of onnodig sweer nie?</p> <p>A Deur te vloek of vals of onnodig te sweer misbruik ons die Naam van die Here.</p> <p>99c V Hoe moet ons die heilige Naam van God gebruik?</p> <p>A Ons moet God se Naam altyd met vrees en eerbied gebruik.</p> <p>100 V Is dit 'n groot sonde om die Naam van die Here te misbruik?</p> <p>A Daar is nie 'n groter sonde as die misbruik van God se Naam nie, en daarom het Hy beveel om dit met die dood te straf.</p>	<p>99 V Wat eis die derde gebod?</p> <p>A 1. Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek of vals of onnodig te sweer nie.'</p> <p>2 Ons moet die heilige Naam van God met vrees en eerbied gebruik.</p> <p>100 V Is dit 'n groot sonde om die Naam van God te misbruik?</p> <p>A Daar is nie 'n groter sonde as die lastering van God so Naam nie en daarom het Hy beveel om dit met die dood te straf.</p> <p style="text-align: center; color: lightgrey; font-size: 1.2em;">Hennie van Wyk 2010</p>	<p>99 <i>Vraag:</i> Wat eis die derde gebod?</p> <p><i>Antwoord:</i> Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek (a), deur 'n valse eed (b) of deur onnodig te sweer nie (c). Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie (d). Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie (e), sodat Hy deur ons reg bely (f), aangeroep (g) en in al ons woorde en werke geprys word (h).</p> <p>(a) Lev 24:15, 16. (b) Lev 19:12. (c) Matt 5:37; Jak 5:12. (d) Lev 5:1; Spr 29:24. (e) Jer 4:2; Jes 45:23. (f) Matt 10:32; Rom 10:9, 10. (g) Ps 50:15; 1 Tim 2:8. (h) Kol 3:17; Rom 2:24; 1 Tim 6:1.</p> <p>100 <i>Vraag:</i> Is dit dan so 'n groot sonde om die Naam van God te laster deur te sweer en te vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie sover moontlik teëgaan en verbied nie?</p> <p><i>Antwoord:</i> Ja, seker (a), want geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf (b).</p> <p>(a) Spr 29:24; Lev 5:1. (b) Lev 24:16.</p>

SONDAG 37 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEK IN JOU PRAAT

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwasseenes (Psalmboek)
<p>101a V Mag ons eerbiedig by die Naam van God 'n eed sweer?</p> <p>A Ons mag 'n eed sweer as die owerheid dit vra of die nood dit eis.</p> <p>101b V Wat is die doel van die eed?</p> <p>A Met 'n eed belowe 'n mens dat jy betroubaar sal wees en die waarheid sal praat.</p> <p>101c V Hoe moet 'n eed wees?</p> <p>A 'n Eed moet tot eer van God en tot voordeel van ons naaste wees.</p> <p>102 V Mag 'n mens ook by die heiliges of by enige ander skepsel 'n eed sweer?</p> <p>A Nee, ons mag net by die Naam van God 'n eed sweer.</p>	<p>101a V Mag ons eerbiedig by die Naam van God 'n eed sweer?</p> <p>A Ons mag sweer as die owerheid dit van sy onderdane vra of as die nood dit vereis en daardeur trou en waarheid bevestig kan word.</p> <p>101b V Hoe moet 'n eed wees?</p> <p>A 'n Eed moet tot eer van God en tot voordeel van ons naaste wees.</p> <p>102 V Mag 'n mens ook by die heiliges of by enige skepsel 'n eed sweer?</p> <p>A Ons mag net by die Naam van God 'n eed sweer.</p> <p style="text-align: center;">Hennie van Wyk 2010</p>	<p>101 <i>Vraag:</i> Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?</p> <p><i>Antwoord:</i> Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word. Sodanige eedswering is op die Woord van God gegrond (a), en die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond het dit reg gebruik (b).</p> <p>(a) Deut 6:13; 10:20; Jes 48:1; Heb 6:16. (b) Gen 21:24; 31:53; Jos 9:15; 1 Sam 24:23; 2 Sam 3:35; 1 Kon 1:29; Rom 1:9; 9:1; 2 Kor 1:23.</p> <p>102 <i>Vraag:</i> Mag 'n mens ook by die heiliges of by ander skepsels sweer?</p> <p><i>Antwoord:</i> Nee, want om 'n regte eed te sweer, beteken dat ek God aanroep as die enigste kenner van die hart om vir die waarheid getuie te gee en my te straf as ek vals sweer (a). Hierdie eer kom geen skepsel toe nie (b).</p> <p>(a) 2 Kor 1:23; Rom 9:1. (b) Matt 5:34-36; Jak 5:12.</p>

SONDAG 38 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – JOU DIENS AAN DIE HERE

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwasseenes (Psalmboek)
<p>103a V Wat beveel God in die vierde gebod?</p> <p>A God beveel my om te sorg dat daar kerkdien is en Sondae gereeld daarheen gaan.</p>	<p>103a V Wat gebied God in die vierde gebod?</p> <p>A 1 Die kerkdien moet onderhou word.</p> <p>2 Ek moet veral op die rusdag met die gemeente van God ywerig saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here in die openbaar aan te roep en aan die armes Christelike liefdegawes te bring.</p>	<p>103 Vraag: Wat gebied God in die vierde gebod?</p> <p>Antwoord: God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die godsdiensoonderrig in stand gehou word (a). Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom (b) om die Woord van God te hoor (c), die sakramente te gebruik (d), die Here openlik aan te roep (e) en die Christelike liefdegawes te gee (f). Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bese werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe (g).</p> <p>(a) Tit 1:5; 2 Tim 3:14; 1 Kor 9:13, 14; 2 Tim 2:2; 3:15. (b) Ps 40:10, 11; 68:27; Hand 2:42. (c) 1 Tim 4:13; 1 Kor 14:29. (d) 1 Kor 11:33. (e) 1 Tim 2:1; 1 Kor 14:16. (f) 1 Kor 16:2. (g) Jes 66:23.</p>
<p>103b V Waarom moet ons kerk toe gaan?</p> <p>A Ons moet kerk toe gaan om die Woord van die Here te hoor, die sakramente te gebruik en saam die Here te aanbid.</p>	<p>103b V Wat beteken die rusdag vir jou hele lewe?</p> <p>A Ek moet al die dae van my lewe van my sondige werke rus, die Here deur sy Gees in my hart laat werk en so die ewige Sabbat in hierdie lewe begin.</p>	
<p>103c V Wat moet ons nog by die eredien doen?</p> <p>A Ons moet vir die armes liefdesgawes bring.</p>		
<p>103d V Wat eis die vierde gebod nog verder?</p> <p>A Ek moet elke dag teen die sonde stry en die Gees van God in my hart laat werk.</p>		

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 39 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEK VIR GESAG

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasse nes (Psalmbboek)
104a V	Wat beveel God my in die vyfde gebod?	104 V	Wat eis God in die <i>vyfde gebod</i> ?	104 <i>Vraag</i> : Wat eis God in die vyfde gebod?
A	God beveel my om aan my ouers en almal wat oor my gestel is, eer, liefde en trou te bewys.	A.	Ek moet my ouers en almal wat oor my gestel is alle eer, liefde en trou bewys en my aan hulle goeie leer en straf onderwerp. Ek moet met hulle swakhede en gebreke geduld hê, omdat dit God behaag en my deur hulle te regeer.	<i>Antwoord</i> : Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp (a). Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê (b), omdat God ons deur hulle wil regeer (c).
104b V	Wat eis die vyfde gebod nog verder?			(a) Ef 6:1, 2, 5; Kol 3:18, 20, 22; Ef 5:22; Spr 1:8; 4:1; 15:20; 20:20; Eks 21:17; Rom 13:1. (b) Spr 23:22; Gen 9:24; 1 Pet 2:18. (c) Ef 6:4, 9; Kol 3:20; Rom 13:2, 3; Matt 22:21:
104c V	Waarom moet ek met hulle swakhede en foute geduldig wees?			
A	Ek moet met hulle geduldig wees omdat dit God is wat hulle oor my gestel het.			

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 40VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEK VIR DIE LEWE

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwassenes (Psalmboek)
<p>105a V Wat eis God in die sesde gebod?</p> <p>A God eis van my om nie my naaste met gedagtes, woord en daade kwaad aan te doen nie.</p>	<p>105 V Wat verbied God in die sesde <i>gebod</i>?</p> <p>A. 1 Ek mag my naaste nie met gedagtes, woorde of daade enige kwaad aandoen nie.</p>	<p>105 <i>Vraag</i>: Wat eis God in die sesde gebod?</p> <p><i>Antwoord</i>: Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste oonteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad (a). Ek moet alle wraaksug laat vaar (b). Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie (c). Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer (d).</p>
<p>105b V Wat sê die sesde gebod oor my eie lewe?</p> <p>A Ek mag nie my eie lewe in gevaar stel nie.</p>	<p>2 Ek mag my nie moedswillig in gevaar begewe nie.</p>	<p>(a) Matt 5:21, 22; 26:52; Gen 9:6. (b) Ef 4:26; Rom 12:19; Matt 5:25;18:35. (c) Rom 13:14; Kol 2:23; Matt 4:7. (d) Gen 9:6; Eks 21:14; Matt 26:52; Rom 13:4.</p>
<p>105c V Wat moet met moordenaars gedoen word?</p> <p>A Die owerheid moet die moordenaars met die dood straf.</p>	<p>106. V Verbied die sesde gebod net doodslag?</p> <p>A Die sesde gebod verbied ook dinge wat tot doodslag kan lei soos haat woede en wraakgierigheid.</p>	<p>106 <i>Vraag</i>: Praat hierdie gebod net van doodmaak?</p> <p><i>Antwoord</i>: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan (a), soos afguns, haat (b), woede (c) en wraaklus verafsku.. Dit alles is vir Hom heimlike moord (d).</p>
<p>107a V Verbied die sesde gebod net doodslaan?</p> <p>A Nee, die sesde gebod verbied ook dié dinge waarmee doodslaan begin, soos haat, woede en wraakgierigheid.</p>	<p>107a V Wat gebied God in die sesde gebod?</p> <p>A. Ek moet my naaste liefhê soos myself en ook aan my vyande goeddoen.</p>	<p>(a) Spr 14:30; Rom 1:29. (b) 1 Joh 2:11. (c) Jak 1:20; Gal 5:19-21. (d) 1 Joh 3:15.</p>
<p>107b V Wat beveel God in die sesde gebod?</p> <p>A God beveel my om my naaste lief te hê soos myself en ook aan my vyande goed te doen.</p>	<p>107b V Wat eis God in die sesde gebod van die owerheid?</p> <p>A. Die owerheid moet die lewe van die onderdane beskerm en moordenaars met die dood straf.</p>	<p>107 <i>Vraag</i>: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?</p> <p><i>Antwoord</i>: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onself (a). Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees (b), alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom (c) en selfs aan ons vyande goed doen (d).</p>
		<p>(a) Matt 22:39; 7:12; Rom 12:10. (b) Ef 4:2; Gal 6:1, 2; Matt 5:5; Rom 12:18; Luk 6:36; Matt 5:7; 1 Pet 3:8; Kol 3:12. (c) Eks 23:5. (d) Matt 5:44, 45; Rom 12:20.</p>

SONDAG 41 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEK VIR JOU LIGGAAM

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmboek)
108	V Wat leer die sewende gebod ons? A God verbied alle onkuisheid.	108	V Wat leer die sewende gebod ons? A 1 God vervloek alle onkuise dae, gebare, woorde, gedagtes, luste en wat ons daartoe kan verlei.	108 <i>Vraag:</i> Wat leer die sewende gebod ons? <i>Antwoord:</i> Alle onkuisheid is deur God vervloek (a), en daarom moet ons dit hartgrondig haat (b). Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (c) sowel binne as buite die huwelik (d). (a) Lev 18:28. (b) Jud 1:23. (c) 1 Tess 4:3-5. (d) Heb 13:4; 1 Kor 7:7.
109	V Verbied God ook hier meer as egbreuk en sulke skandes? A God verbied alle onkuise dae, gebare, woorde, gedagtes en begeertes.	2	Getroudes sowel as ongetroudes moet kuis en skoon lewe.	109 <i>Vraag:</i> Verbied God in hierdie gebod niks meer as net egbreuk en sulke skandes nie? <i>Antwoord:</i> Omdat beide, ons liggaam en siel, 'n tempel van die Heilige Gees is, wil God dat ons altwee rein en heilig bewaar. Daarom verbied hy alle onkuise dae, gebare, woorde (a), gedagtes, luste (b) en alles wat 'n mens daartoe kan verlei (c). (a) Ef 5:3, 4; 1 Kor 6:18, 19. (b) Matt 5:27, 28. (c) Ef 5:18; 1 Kor 15:33.
		109	V Waarom moet ons kuis en skoon lewe? A Ons liggaam en siel is tempel van die Heilige Gees en God wil dat ons altwee heilig bewaar.	

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 42 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEK VIR EIENDOM

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwassenes (Psalmboek)
<p>110a V Wat verbied God in die agtste gebod?</p> <p>A God verbied diefstal, roof en sondige planne om ons naaste se goed in die hande te kry.</p> <p>110b V Wat verbied God nog meer in die agtste gebod?</p> <p>A God verbied ook alle gierigheid, misbruik en verkwisting van die dinge wat Hy ons gee.</p> <p>111 V Wat beveel God jou in die agtste gebod?</p> <p>A God beveel my om my naaste se belange te bevorder en getrou my werk te doen sodat ek die armes kan help.</p>	<p>110 V Wat verbied God in die agtste gebod?</p> <p>A 1 God verbied nie net diefstal wat die owerheid straf nie, maar ook alle sondige planne om ons naaste se besittings in die hande te by.</p> <p>2 Hy verbied ook alle gierigheid en verkwisting van sy gawes.</p> <p>111 V Wat gebied God in die agtste gebod?</p> <p>A Ek moet my naaste se belange bevorder en ek moet my werk getrou doen, sodat ek die armes kan help.</p> <p style="text-align: center; color: gray;">Hennie van Wyk 2010</p>	<p>110 <i>Vraag:</i> Wat verbied God in die agste gebod?</p> <p><i>Antwoord:</i> God verbied nie slegs die diefstal (a) en roof (b) wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry (c). Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere, (d), geld, deur woeker (e) of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid (f) en alle misbruik en verkwisting van sy gawes (g).</p> <p>(a) 1 Kor 6:10. (b) 1 Kor 5:10; Jes 33:1. (c) Luk 3:14; 1 Tess 4:6. (d) Spr 11:1; 16:11; Eseg 45:9, 10; Deut 25:13. (e) Ps 15:5; Luk 6:35. (f) 1 Kor 6:10. (g) Spr 23:20, 21; 21:20.</p> <p>111 <i>Vraag:</i> Maar wat gebied God jou in hierdie gebod?</p> <p><i>Antwoord:</i> Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil he dat hy my moet behandel (a). Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help (b).</p> <p>(a) Matt 7:12. (b) Ef 4:28.</p>

SONDAG 43 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEK VIR JOU NAASTE

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwasseenes (Psalmbboek)
<p>112a V Wat eis God in die negende gebod?</p> <p>A God eis van my om van niemand valse dinge te sê nie.</p> <p>112b V Wat eis die negende gebod verder?</p> <p>A God eis van my om nooit te lieg en te bedrieg nie, maar dat ek die waarheid altyd moet liefhê.</p>	<p>112 V Wat eis God in die negende gebod van ons?</p> <p>A 1. Ek mag teen niemand valse getuienis aflê nie, niemand se woorde verdraai nie, geen kwaad spreker wees nie, niemand onverhoord veroordeel nie.</p> <p>2 Ek moet leuens en bedrog as die duiwel se eie werke vermy.</p> <p>3 Ek moet altyd die waarheid praat.</p> <p>4 Ek moet my naaste se eer en goeie naam verdedig en bevorder.</p>	<p>112 <i>Vraag:</i> Wat eis die negende gebod?</p> <p><i>Antwoord:</i> Ek mag teen niemand valse getuienis aflê (a), niemand se woorde verdraai (b), nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie (c), niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie (d). Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel (e) se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring (f) nie. In regsake en in alle ander handelingte moet ek die waarheid liefhê, en opreg wees in wat ek sê en bely (g). My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder (h).</p> <p>(a) Spr 19:5, 9; 21:28. (b) Ps 15:3; 50:19, 20. (c) Rom 1:30. (d) Matt 7:1; Luk 6:37. (e) Joh 8:44. (f) Spr 12:22; 13:5. (g) 1 Kor 13:6; Ef 4:25. (h) 1 Pet 4:8.</p>

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 44 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE WET – RESPEK VIR GOD EN MENS

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwassenes (Psalmboek)
<p>113a V Wat eis die tiende gebod van ons?</p> <p>A God eis van my om nooit lus te wees om enige van sy gebooie te oortree nie.</p>	<p>113 V Wat eis God in die tiende gebod van ons?</p> <p>A Die geringste lus of gedagte teen enige gebod van God mag nooit in ons hart opkom nie. Ons moet altyd alle sonde haat en alle geregtigheid liefhê.</p>	<p>113 <i>Vraag:</i> Wat eis die tiende gebod van ons?</p> <p><i>Antwoord:</i> Selfs die geringste begeerte of gedagte teen enige gebod van God mag nooit in ons hart opkom nie. Ons moet altyd en heelhartig vyande van alle sonde wees en 'n begeerte tot alle geregtigheid hê (a).</p>
<p>113b V Waarvoor moet ons dan lus wees?</p> <p>A Ons moet lus wees om reg te doen en daarom altyd die sonde te haat.</p>	<p>114 V Kan die bekeerdes hierdie Gebooie ten volle onderhou?</p> <p>A Nee; die allerheiligste het in hierdie lewe net 'n klein beginsel van die gehoorsaamheid; maar hulle begin met 'n ernstige voorneme volgens al God se gebooie lewe.</p>	<p>(a) Rom 7:7.</p> <p>114 <i>Vraag:</i> Maar kan die wat tot God bekeer is, hierdie gebooie volmaak gehoorsaam?</p> <p><i>Antwoord:</i> Nee, want selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid (a), maar tog so dat hulle met 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe (b).</p>
<p>114 V Kan die wat tot God bekeer is, hierdie gebooie ten volle onderhou?</p> <p>A Selfs die heiligste mense is maar net by die begin van hierdie gehoorsaamheid.</p>	<p>115 V Waarom laat God dan die Tien Gebooie so skerp preek as niemand hulle in hierdie lewe kan onderhou nie?</p> <p>A Ons moet ons sondige aard leer ken en al meer begeer om</p>	<p>(a) 1 Joh 1:8; Rom 7:14, 15; Pred 7:20; 1 Kor 13:9. (b) Rom 7:22; Ps 1:2.</p> <p>115 <i>Vraag:</i> Waarom laat God die Tien Gebooie dan so streng aan ons voorhou as niemand dit tog in hierdie lewe kan onderhou nie?</p> <p><i>Antwoord:</i> Ten eerste sodat ons gedurende ons hele lewe ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken (a), en met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid in Christus kan soek (b). Ten tweede moet ons ons sonde ophou beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid, sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word totdat ons na hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik (c).</p>
<p>115a V Waarom laat God die tien gebooie dan so skerp preek?</p> <p>A Die tien gebooie word so skerp gepreek sodat ons ons sondigheid altyd beter kan leer ken.</p>	<p>1 vergifnis van ons sondes te verkry en</p> <p>2 die genade van die Heilige Gees te ontvang, sodat ons na God se ewebeeld vernuut kan word.</p>	<p>(a) Rom 3:20; 1 Joh 1:9; Ps 32:5. (b) Matt 5:6; Rom 7:24, 25. (c) 1 Kor 9:24; Fil 3:12-14.</p>
<p>115b V Is daar nog 'n rede waarom God die tien gebooie so skerp laat preek?</p> <p>A Die Here wil dat ons sonder ophou moet bid om die genade van die Heilige Gees.</p>		

SONDAG 45VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – AANBID DIE WARE GOD

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwassenes (Psalmboek)
<p>116a V Waarom moet die Christen bid?</p> <p>A Die gebed is die vernaamste deel van die dankbaarheid wat God van ons vra.</p> <p>116b V Noem nog 'n rede waarom die Christen moet bid.</p> <p>A 'n Christen moet bid, omdat God sy genade en Heilige Gees net aan hulle gee wat aanhou daarvoor bid en dank.</p> <p>117a V Tot wie moet ons bid?</p> <p>A Ons moet net tot die ware God soos Hy hom in sy Woord geopenbaar het, bid.</p> <p>117b V Hoe weet ons dat God ons gebed sal verhoor?</p> <p>A God het in Sy woord belowe dat Hy ons gebed ter wille van Christus sal verhoor.</p> <p>118 V Waarvoor moet ons bid?</p> <p>A Ons moet bid vir alles wat ons vir liggaam en siel nodig het, soos Christus ons geleer het.</p> <p>119 V Hoe lui die gebed wat Christus ons geleer het?</p> <p>A In Matteus 6 het Christus ons leer bid:</p>	<p>116 V Waarom moet die Christene bid?</p> <p>A 1. Die gebed is die vernaamste deel van die dankbaarheid wat ons aan God moet bewys.</p> <p>2 God gee sy genade en Heilige Gees net aan hulle wat Hom altyd van harte daarvoor bid en dank.</p> <p>117 V Wat hoort by 'n gebed wat deur God verhoor word?</p> <p>A Ons moet:</p> <p>1 net die ware God van harte aanroep;</p> <p>2 ons nood en ellende reg ken, sodat ons ons voor Hom sal verootmoedig;</p> <p>3 vertrou dat Hy ter wille van Christus ons wil verhoor al is ons dit self nie werd nie.</p> <p>118 V Wat moet ons van God bid?</p> <p>A Alles wat ons vir gees en liggaam nodig het soos Christus ons in die Onse Vader geleer het.</p> <p>119 V Hoe lui die Onse Vader?</p> <p>A</p>	<p>116 <i>Vraag:</i> Waarom is die gebed vir die Christene nodig?</p> <p><i>Antwoord:</i> Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis (a): En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (b).</p> <p>(a) Ps 50:14. (b) Matt 7:7; Luk 11:9, 13; 1 Tess 5:17.</p> <p>117 <i>Vraag:</i> Hoe moet 'n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?</p> <p><i>Antwoord:</i> Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het (a), van harte aanroep (b) vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid (c). Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken (d) sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig (e). Ten derde het ons hierdie vaste grond (f) dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor (g) soos Hy dit vir ons in sy Woord beloop het (h).</p> <p>(a) Op 19:10; Joh 4:22-24. (b) Rom 8:26; 1 Joh 5:14; Jak 1:5. (c) Joh 4:24; Ps 145:18. (d) 2 Kron 20:12. (e) Ps 2:11; 34:19; Jes 66:2. (f) Rom 10:14; Jak 1:6. (g) Joh 14:13;16:23; Dan 9:18. (h) Matt 7:8; Ps 27:8.</p> <p>118 <i>Vraag:</i> Wat het God ons beveel om van Hom te bid?</p> <p><i>Antwoord:</i> Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat Christus saamgevat het, in die gebed wat Hy self aan ons geleer het (a).</p> <p>(a) Jak 1:17; Matt 6:33.</p> <p>119 <i>Vraag:</i> Hoe lui hierdie gebed?</p> <p>(a) Matt 6:9-13; Luk 11:2-4.</p>
<p>Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood, en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.</p>		

SONDAG 46 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – JOU VADER – NABY EN VER

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwasse nes (Psalmboek)
<p>120a V Waarom het Christus ons beveel om God ons Vader te noem?</p> <p>A Christus wil by die begin van ons gebed by ons kinderlike eerbied en vertroue op God werk.</p>	<p>120 V Waarom het Christus ons beveel en God <i>ons Vaders</i> te noem?</p> <p>A 1. Christus wil by die begin van die gebed kinderlike ontsag en vertroue op God wek.</p> <p>2 God het deur Christus ons Vader geword.</p> <p>3 As ons gelowig bid sal God ons baie sekerder verhoor as wat ons aardse vaders sal gee wat ons vra.</p>	<p>120 <i>Vraag</i>: Waarom het Christus ons beveel om God as <i>ons Vader</i> aan te spreek?</p> <p><i>Antwoord</i>: Sodat Hy heel aan die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertroue op God sal wek. Dit moet die grond van ons gebed wees, naamlik dat God deur Christus ons Vader geword het, en dat Hy ons veel minder dit wat ons van Hom in die geloof bid, sal weier as wat ons vaders aardse dinge ons ontsê (a).</p> <p>Matt 7:9-11; Lk 11:11-13.</p>
<p>120b V Wat beteken die Naam: Onse Vader?</p> <p>A God het ter wille van Christus ons Vader geword, en daarom sal Hy ons gebed verhoor.</p>	<p>121 V Waarom word daar bygevoeg: Wat in die hemel is?</p> <p>A 1. Omdat God in die hemel is, wag ons van sy hemelse majesteit nie aards dink nie.</p> <p>2 Ons moet van God se almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het.</p>	<p>121 <i>Vraag</i>: Waarom word hier bygevoeg: <i>wat in die hemel is</i>?</p> <p><i>Antwoord</i>: Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards moet dink nie (a) en van sy almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het (b).</p> <p>(a) Jer 23:23, 24; Hand 17:24, 25, 27. (b) Rom 10:12.</p>
<p>121a V Waarom word hier bygevoeg: Wat in die hemel is?</p> <p>A Omdat God in die hemel is, mag ons nie van sy hemelse majesteit aards dink nie.</p>	<p>121b V Wat moet ons dan van God se almag verwag?</p> <p>A Ons moet van God se almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het.</p>	

SONDAG 47VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – GOD IS HEILIG

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwassenes (Psalmboek)
<p>122a V Wat is die eerste bede?</p> <p>A Die eerste bede is: Laat u Naam geheilig word.</p> <p>122b V Wat beteken: Laat u Naam geheilig word?</p> <p>A Gee dat ons U reg sal ken en u Naam sal prys.</p> <p>122c V Hoe moet my gedagtes, woorde en werke wees om God se Naam te heilig?</p> <p>A My lewe moet so wees dat die mense wat dit sien, God se Naam sal eer en prys.</p>	<p>122 V Wat is die eerste bede?</p> <p>A Laat u Naam geheilig word.</p> <p>122b V Wat beteken die eerste bede?</p> <p>A Gee dat ons:</p> <p>1 U reg sal ken en u Naam sal prys,</p> <p>2 ons lewe so inrig dat u Naam om ons ontwil geprys en nie gelaster word nie.</p>	<p>122 <i>Vraag</i>: Wat is die eerste bede?</p> <p><i>Antwoord</i>: <i>Laat u Naam geheilig word</i>. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken (a) en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter (b). Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word (c).</p> <p>(a) Joh 17:3; Jer 9:24; 31:33, 34; Matt 16:17; Jak 1:5; Ps 119:105. (b) Ps 119:137; Luk 1:46, 47, 68, 69; Rom 11:33. (c) Ps 71:8;115:1.</p>

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 48 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – GOD REGEER

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmbboek)
123a V	Wat is die tweede bede?	123a V	Wat is die tweede bede?	<p>123 <i>Vraag:</i> Wat is die tweede bede?</p> <p><i>Antwoord:</i> Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp (a). Bewaar u kerk en laat dit groei (b). Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word (c), totdat die volkomenheid van u ryk kom (d), waarin U alles in almal sal wees (e).</p> <p>(a) Ps 143:10; 119:5; Matt 6:33. (b) Ps 51:20; 112:6. (c) 1 Joh 3:8; Rom 16:20. (d) Op 22:20; Rom 8:22, 23. (e) 1 Kor 15:28.</p>
A	Die tweede bede is: Laat u koninkryk kom.	A	Laat u koninkryk kom.	
123b V	Wat beteken die bede: Laat u koninkryk kom?	123b V	Wat beteken die tweede bede?	
A	Laat u koninkryk kom beteken:	A	1 Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons altyd aan U onderwerp'	
	i Maak ons gehoorsaam aan u Woord en Gees.		2 Bewaar u Kerk en laat dit groei	
	ii Laat u Kerk groei.		3 Vernietig die werke van die duiwel en sy bese planne teen u heilige Woord, totdat die volheid van U ryk gekom het.	
	iii Verbreek die werke van die duiwel.	123c V	Wanneer sal God sy koninkryk ten volle laat kom?	
123c V	Wanneer sal God sy koninkryk ten volle laat kom?	A	Sy koninkryk is nou reeds ten dele hier, maar dit sal ten volle kom by die wederkoms van die Here Jesus.	
A	God laat sy koninkryk ten volle kom by die wederkoms van die Here Jesus Christus.			

SONDAG 49 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – GOD WEET DIE BESTE

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)		Graad 6 - 7 (Blou boekie)		Volwasseenes (Psalmboek)
124a V	Wat is die derde bede?	124a V	Wat is die derde bode?	124 <i>Vraag:</i> Wat is die derde bede?
A	Die derde bede is: Laat u wil geskied.	A	Laat U wil geskied soos in die hemel net so ook op die aarde.	<i>Antwoord:</i> Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee (a) om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpraterij gehoorsaam te wees (b), sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer (c) soos die engele in die hemel (d).
124b V	Wat beteken: Laat u wil geskied?	124b V	Wat beteken die derde bede?	(a) Matt 16:24; Tit 2:11, 12. (b) Luk 22:42; Ef 5:10; Rom 12:2. (c) 1 Kor 7:24. (d) Ps 103:20, 21.
A	Gee dat ons en alle mense nie sal doen wat ons wil nie, maar wat U wil.	A	1. Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee en aan U wil sonder teëspraak gehoorsaam te wees, en 2 maak ons gewillig om ons amp en beroep so uit te voer soos die engele in die hemel.	
124c V	Wanneer geskied die wil van die HERE in ons lewe en werk?			
A	Die wil van die HERE geskied in ons lewe en werk wanneer ons daarin so getrou is soos die engele in die hemel.			

Hennie van Wyk 2010

SONDAG 50VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – GOD VERSORG JOU

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwasseenes (Psalmboek)
<p>125a V Wat is die vierde bede?</p> <p>A Die vierde bede is: Gee ons vandag ons daaglikse brood.</p> <p>125b V Wat beteken die bede: Gee ons vandag ons daaglikse brood?</p> <p>A As ons bid om ons daaglikse brood, vra ons dat God ons sal versorg met alles wat vir ons liggaam nodig is.</p> <p>125c V Wat erken ons met die bede: Gee ons vandag ons daaglikse brood?</p> <p>A As ons bid om ons daaglikse brood, erken ons dat God ons alles gee wat vir ons goed is.</p> <p>125d V Op wie moet ons vertrou?</p> <p>A Ons moet net op God vertrou en nie op skepsele nie.</p>	<p>125a V Wat is die vierde bede?</p> <p>A Gee ons vandag ons daaglikse brood</p> <p>125b V Wat beteken die bede: Gee ons vandag ons daaglikse brood?</p> <p>A As ons bid en ons daaglikse brood, vra ons dat God ons sal versorg met alles wat vir die liggaam nodig is.</p> <p>125c V Wat erken ons met die bede: Gee ons vandag ons daaglikse brood?</p> <p>A As ons bid en daaglikse brood erken ons dat God ons alles gee wat vir ons goed is.</p> <p>125d V Op wie moet ons vertrou?</p> <p>A Ons moet net op God vertrou en nie op skepsele nie.</p>	<p>125 <i>Vraag</i>: Wat is die vierde bede?</p> <p><i>Antwoord</i>: Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is (a), sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is (b), en dat al ons sorg en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie (c). Gee daarom dat ons ons vertrou van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel (d).</p> <p>(a) Ps 145:15; 104:27; Matt 6:26. (b) Jak 1:17; Hand 14:17; 17:27. (c) 1 Kor 15:58; Deut 8:3; Ps 37:16; 127:1, 2. (d) Ps 55:23; 62:11; 146:3; Jer 17:5, 7.</p>

SONDAG 51 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – GOD VERGEEF JOU

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwasseenes (Psalmboek)
<p>126a V Wat is die vyfde bede?</p> <p>A Die vyfde bede is: Vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe.</p> <p>126b V Wat beteken: Vergeef ons ons skulde?</p> <p>A Vergewe ons ons misdade en boosheid ter wille van die bloed van Christus.</p> <p>126c V Wat beteken: Soos ons ook ons skuldenaars vergewe?</p> <p>A "Soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree" beteken dat ons die mense wat teen ons verkeerd doen, regtig wil vergewe.</p>	<p>126a V Wat is die vyfde bede?</p> <p>A Vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe.</p> <p>126b V Wat beteken die woorde: Vergeef ons ons skulde?</p> <p>A Reken ons arme sondears ons misdade en boosheid nie toe nie ter <i>wille van</i> die bloed van Christus.</p> <p>126c V Wat beteken: Soos ons ook ons skuldenaars vergewe?</p> <p>A Soos ons ook ons skuldenaars vergewe beteken dat ons deur die genade van die Here, die mense wat teen ons verkeerd doen, wil vergewe.</p> <p style="text-align: center;">Hennie van Wyk 2010</p>	<p>126 <i>Vraag</i>: Wat is die vyfde bede?</p> <p><i>Antwoord</i>: Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Reken ons, arme sondears, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aanleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie (a). Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe (b).</p> <p>(a) Ps 51:3; 143:2; 1 Joh 2:1; Rom 8:1. (b) Matt 6:14</p>

SONDAG 52 VERLOSSING GAAN OOR IN DADE: DIE GEBED – GOD BEWAAR JOU

Graad 0 - 5 (Rooi boekie)	Graad 6 - 7 (Blou boekie)	Volwasseenes (Psalmboek)
<p>127a V Wat is die sesde bede?</p> <p>A Die sesde bede is: Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bese.</p> <p>127b V Wat beteken: lei ons nie in versoeking nie?</p> <p>A "Lei ons nie in versoeking nie", beteken: laat ons wat swak is nie in sonde val nie.</p> <p>127c V Wie wil ons in sonde laat val?</p> <p>A Ons drie doodsvyande wil ons in sonde laat val:</p> <p style="padding-left: 40px;">i die duiwel;</p> <p style="padding-left: 40px;">ii die wêreld, en</p> <p style="padding-left: 40px;">iii ons eie sondige harte.</p> <p>128a V Hoe sluit jy jou gebed?</p> <p>A Want aan U behoort die koninkryk die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.</p> <p>128b V Wat beteken dit as jy jou gebed so sluit?</p> <p>A Ons sluit ons gebed so, omdat God as ons Koning aan ons alleen alles wat goed is, wil en kan gee.</p> <p>128c V Wie moet ewig geprys word vir die goeie dinge wat ons ontvang?</p> <p>A Vir die goeie dinge wat ons ontvang moet ons God se heilige Naam prys, en nie onself nie.</p> <p>129 V Wat beteken die woordjie "Amen"?</p> <p>A "Amen" beteken dit is waar en seker dat God my gebed verhoor.</p>	<p>127a V Wat is die sesde bede?</p> <p>A Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bese.</p> <p>127b V Wat beteken die sesde bede?</p> <p>A Hou ons, wat swak is, staande en versterk ons deur die krag van die Heilige Gees in die stryd teen ons doodsvyande, naamlik die duiwel, <i>die wêreld en ons</i> sondige natuur.</p> <p>128a V Hoe sluit jy jou gebed?</p> <p>A Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.</p> <p>128b V Wat beteken dit as jy jou gebed so sluit?</p> <p>A Ons sluit ons gebed so, omdat God as ons Koning aan ons alles wat goed is, wil en kan gee.</p> <p>128c V Wie moet ewig geprys word vir die goeie dinge wat ons ontvang?</p> <p>A Vir die goeie dinge wat ons ontvang, moet ons God se heilige Naam prys, en nie onself nie.</p> <p>129 V Wat beteken die woordjie <i>Amen</i>?</p> <p>A Amen, beteken: Dit is waar en seker dat God my gebed verhoor, veel sekerder as wat ek dit in my hart voel.</p>	<p>127 <i>Vraag</i>: Wat is die sesde bede?</p> <p><i>Antwoord</i>: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bese. Dit is: Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie (a). Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel (b), die wêreld (c) en ons eie sondige natuur (d), nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk (e) nie, totdat ons eindelijk die oorwinning volkome behaal (f).</p> <p>(a) Joh 15:5; Ps 103:14. (b) 1 Pet 5:8; Ef 6:12. (c) Joh 15:19. (d) Rom 7:23; Gal 5:17. (e) Matt 26:41; Mark 13:33. (f) 1 Tess 3:13; 5:23.</p> <p>128 <i>Vraag</i>: Hoe sluit jy jou gebed af?</p> <p><i>Antwoord</i>: Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Dit is: Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee (a) sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word (b).</p> <p>(a) Rom 10:12; 2 Pet 2:9. (b) Joh 14:13; Jer 33:8, 9; Ps 115:1.</p> <p>129 <i>Vraag</i>: Wat beteken die woord <i>Amen</i>?</p> <p><i>Antwoord</i>: Amen wil sê: Dit is waar en seker. Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer (a).</p> <p>(a) 2 Kor 1:20; 2 Tim 2:13.</p>